

“Skryf die Visioen!”

*“Die Here God
doen niks
as Hy nie Sy
besluit
bekend gemaak het
aan sy dienaars,
die profete nie.”
(Amos 3:7)*

Dr. Desmond H. Rose.

www.drdes.org

Kontakt Besonderhede VSA

Dr. Desmond Rose
Pos Bus 2414
Springfield, MO 65801
V.S.A
Tel. +1 (417) 597-4507

Kontakt Besonderhede Suid Afrika

Cell: +27 (72) 013-2420

Bank Besonderhede

Standard Bank Welkom
Tak Kode: _____055535
Naam: _____DH. Rose
Rekening No 040149412

E-Pos: des@drdes.org

Facebook

<https://www.facebook.com/pages/Dr-Des-Desmond-Rose-Ministries-Love-Africa-Ministries/261672363608>

Write the Vision!

Published by
Desmond Rose Ministries, Inc.
P.O. Box 2414
Springfield, MO 65801-2414

Cover design by REPUS® LLC.

© 2009 by Desmond H. Rose
All rights reserved.

Afrikaanse uitgawe
© 2014 Desmond Rose Ministries, Inc

Eerste uitgawe 2014

Vertaal deur Abel Pienaar en Santie Jacobs
Proeflesing deur Eerwarde Wally Compton, Dorothy MacLoed en
Cecelia Nolan

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende laserskyf of bandopnames en fotokopiering sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, behalwe redelike aanhalings vir navorsings en resensiedoelendes.

© Aanhalinge uit die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling) met verloop van die Bybelgenootskap van Suid Afrika, tensy anders vermeld.

Italics & Bold in Scripture quotations are for emphasis by author.

ISBN: 978-0-615-32972-7

Printed in the U.S.A.

INLEIDING

Sommige mense sal hierdie inhoudelike as 'n bevestiging beskou van dit wat hulle reeds gelei was om te glo. Ander mag dit dalk nuut vind, of oënskynlik so “ongelooflik” dat hul sal verkies om dit te verontagsaam.

In plaas van oorhaastige optrede: bid eers ernstig en soek God se leiding! Die tyd is besig om uit te loop en elke gelowige moet besig wees met die Meester se werk in die eindtyd, deur Sy oes in te samel. God gebruik wie Hy wil en dit verbly Hom as hy jou kan gebruik.

— Anne Rose

Die woord van die Here het tot my gekom: " Mens, die Israëliete sê: ' Die gesig wat hy sien, gaan oor lang tye, hy kondig dinge aan vir die verre toekoms.' Sê vir hulle: ' So sê die Here my God: Niks van wat ek gesê het, sal meer uitgestel word nie. Wat Ek gesê het, sal nou gebeur '" (Eseg. 12:26-28).

DANKBETUIGING

Abba, vir alles wat U vir my en my familie gedoen het: sê ek dankie. Dankie dat U vir ons lief is met 'n ewigdurende liefde en dat U bereid was om U Seun, Jesus Christus, te stuur, om my en my familie te red. U het ons ook daarna met U Heilige Gees gevul, net soos U gedoen het met al die gelowiges in die Bybelse boek van Handeling.

Ons sal U ewig dankbaar wees vir so 'n liefde wat geen grense ken nie. Dankie Jesus, dat U ons sonde afgewas het met U kosbare bloed en dat U ons na die Vader toe gebring het as Sy kinders. Dit is 'n voorreg om U bevele uit te voer sedert U ons in 1979 geroep het.

U het my geïnspereer om hierdie boek te skryf. Mag U al die glorie, aanbidding en eer ontvang met die publikasie hiervan. Mag die Heilige Gees die getuie wees van die waarheid van hierdie skrywe, sodat die lesers *Die*

Boodskap sal uitdra as 'n eindtyd boodskap van hoop. Die insameling van verlore nes uit elke nasie, deur die prediking van die wonderlike Evangelie van Jesus Christus, gaan binnekort vervul word.

M A R A N A T

Vertaling en proeflesing:

Ek is ewig dankbaar aan Abel Pienaar vir sy onbaatsugtige hulpvaardigheid met die vertaling van hierdie boek uit Engels en ook vir Santie Jacobs vir haar vrywillige bydrae aan Abel om die vertaling te kon voltooi het.

Ek wil ook vir Eerwaarde Wally Compton, Dot MacLoed en Cecelia Nolan vir hulle bydrae bedank vir die proeflesing van die boek.

Mag julle God se rykste seën ervaar as medebegunstigdes van hierdie finale oestyd van God.

INHOUD

Kontak Beesonderhede _____	2
Inleiding _____	4
Dankbetuiging _____	5
Inhoud _____	7
Voorwoord _____	8
Hoofstuk 1 – Sy Mandaat _____	12
Hoofstuk 2 – Sendeling J. R. Gschwend ____	27
Hoofstuk 3 – Pastoor Danny Fisher _____	47
Hoofstuk 4 – Evangelis T. A. Ralekholela __	60
Hoofstuk 5 – Die Uitstorting _____	70
Hoofstuk 6 – God se Verterende Vuur ____	89
Hoofstuk 7 – Christus se Wederkoms _____	103
Uitnodiging _____	115
Die Vervulling _____	118
Slotnotas _____	121

VOORWOORD

Ek het met Desmond Rose kennis gemaak toe hy die predikant van 'n plaaslike gemeente in Springfield, Missouri was, en besig was met sy doktrale studies. Ek was beïndruk met sy toegewydheid aan die Here. Hy het telkens teenoor my getuig hoe die Here hom op wonderbaarlike wyse seën: op finansiële gebied, asook met fisiese genesings na gebed. Dit was vir my duidelik dat hy die beginsel van 2 Kor 5:7 ken en uitleef “want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie”.

Ek het oor die afgelope twaalf jaar aan en af vriendskapsbande met Desmond behou en daardeur verdere insig in sy geestelike lewe bekom. Na die voltooiing van sy doktrale studies het hy finansiël en geestelik swaargekry. Dit het my laat twyfel aan my vorige indrukke van hom (daar bestaan geen

twyfel dat hyself ook vroe gehad het nie). Net soos Abraham moes wag op die belofte, Josef in 'n tronk in Egipte moes beland, Moses se ballingskap, die Israeliete in die woestyn, Rut en die Moabiete, die skaapwagter Dawid, die Jodin Ester, Job in sy beproewing, Daniël in die leeu kuil, Jesus in die woestyn, die gelowiges in die bo-vertrek, Paulus in die tronk, en baie ander, was dit vir hom ook 'n tydperk van vertrou, beproewing en afwagting. Ons het al almal deur soortgelyke periodes van stryd en beproewing gegaan, maar selfs in sulke tye bly God steeds op die troon.

Desmond het die saak van die drie visioene, wat betrekking het op Suid Afrika en die eindtyd insameling van die oes, met my gedeel. Ek het in my gees bevestiging ervaar dat dit van God en nie van 'n mens was nie. Die tekens van God se wederkoms is oralste sigbaar. Kyk en neem kennis van wat God besig is om te openbaar.

God roep ons tot voorbereiding en om besig te wees met die insameling van die oes, met die oog op die eindtyd. Dit beteken meer gebed, vas, ywerige bestudeering van God se woord en die aktiewe diens van dit wat God elkeen van ons geroep het om in Sy Koningryk te doen.

Dr. Desmond Rose is n dienskneg van die Allerhoogste God en vol van die Heilige Gees. Hy het 'n grondige kennis van die mense en kultuur van Suid Afrika, omdat hyself daarvandaan afkomstig is. Hy ken ook die werking van God in hierdie wêrelddeel in die verlede, sowel as in die hede. Dit is dan gepas dat God hierdie dienskneg gebruik om die visioen wat voor ons gestel word uit te klaar (Dit is bevestig by drie verskillende geleenthede op drie verskillende tye). Ek moedig jou aan om biddend en nederig kennis te neem van alles wat God bekend maak deur hierdie eindtyd visioen, asook die verwante

inligting. Mag God jou seën terwyl jy hierdie boek lees.

Glenn W. Gohr

Verwysingsargivaris, Flower Pentecostal

Heritage Center

Springfield, Missouri.

Hoofstuk 1

SY MANDAAT:

“SKRYF NEER DIE VISIOEN!”

“Die Here God doen niks as Hy nie ’n besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie.”

(Amos 3:7)

Na ’n openbaring van die Here aangaande die eindtydgebeure, is ek gedryf om verdere instruksies by Hom te soek. Ek het daarom die Heilige Gees gevra: *“Wat moet ek met hierdie inligting doen?”* *“Die Here het toe vir my gesê: Skryf wat ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees”* (Hab 2:2 NV). Ek was dus oorgehaal om Sy mandaat uit te voer!

Ek was aanvanklik onder die indruk dat die persoon of persone wat die visioen ontvang het, ook die boek moes skryf. Ek was egter

duidelik gelei om self hierdie visioen neer te pen, sodat die kerk kan weet, wat die Here van die Oes beplan om te doen. Deurdat jy hierdie boodskap raakende die komende uitstorting van die Heilige Gees (*“die laat reëns”* soos dit ook in die Skrif genoem word) lees, word jy bemagtig om hierdie *“visioen oor te vertel”* aan elkeen wat jy ken. Lees hierdie skrywe en vra die Here biddend wat jou bydrae, tydens die ontvouing van hierdie gebeurtenis, moet wees.

Ek benader hierdie projek met nederigheid, aangesien daar geen rede is waarom ek die persoon moet wees wat deur die Heilige Gees uitgekies is, om die boodskap aan die kerk oor te dra nie. Die Gees het my egter gelei om die visioene, wat aan drie mense in verskillende wêrelddele gegee is, te ontdek. Dit is vir my te wonderbaar om te deurgrond hoekom juis ek hierdie taak tot uitvoer moet bring. Ek kan net verwys na wat geskrywe is: *“Ek roep ’n roofvoël uit die ooste, uit ’n ver land roep ek ’n man wat my besluite*

sal uitvoer. Ek het dit gesê, en ek sal hom laat kom, Ek het dit beplan en Ek sal dit uitvoer.”
(Jes 46:11)

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om myself aan jou, die leser, voor te stel sodat jy 'n beter begrip kan hê van wie ek is. My naam is Desmond Rose. Nadat ek in 1979 Jesus Christus as my persoonlike Saligmaker ontmoet het, het die Heilige Gees my oortuig om tot die bediening toe te tree. Na my oorgawe het ek verlang om met die Heilige Gees vervul te word en binne 'n paar maande is ek toe ook gedoop met die vuur van die Heilige Gees en het ek in tale gepraat soos wat deur die Gees aan my gegee was. (Hand. 2:4). Ek het in Desember die waterdoop, soos wat deur die Skrif voorgeskryf word, (Rom. 6 ; Kol. 2:12) ontvang. Die Here het my aan die hand geneem en beide my en my familie voorberei vir die bediening. Min het ek geweet wat Hy alles vir my beplan het!

Dit herinner my aan wat die profeet Amos gesê het oor sy roeping: *“Ek is nie so ’n profeet nie en ek behoort ook nie tot die profetekring nie, ek boer met vee en ek kweek wilde vye. Maar die Here het my agter die kleinvee weggevat en Hy het vir my gesê: ‘Gaan tree as profeet op teen My volk Israel’”* (Amos 7:14-15). So was dit ook met my. Ek was ’n elektriesiën en besigheidsman van agtergrond, maar toe God se roeping tot my spreek, het ek hierdie werk gelos en die roepstem van my Vader gevolg. Net soos wat Amos onwaardig gevoel het om ’n profeet te wees, het ek myself onwaardig gevoel om hierdie roeping uit te voer. Net soos wat hy positief gereageer het op die Meester se roepstem wou ek, uit dankbaarheid vir wat Hy vir my en my familie gedoen het, gehoorsaam wees om Hom te dien. En nou, jare later, rig Hy my op om die skrywer van hierdie Visioen te wees, aan die liggaam van Christus. Ek

moet daarmee hardloop en dit uitroep vanuit die hoogtes.

Ek het groot geword in die goudvelde van Suid Afrika in die stad Welkom en ook later in 'n klein dorpie, Virginia, so ongeveer 26 kilometer (15 myl) van af Welkom. Dat die Here iemand uit hierdie wêrelddeel kan gebruik, is bykans ondenkbaar, maar dit is mos juis Sy spesialiteit. Gedurende hierdie tyd het 'n Duitser, Reinhard Bonnke, wat sendelingwerk doen in Lesotho, 'n tentveldtog in Welkom kom aanbied. (Hy was besig was om te ontwikkel as 'n dinamiese evangelis wat massa gehore toespreek.) Ek het gedink dat dit 'n geleentheid vir my was om hom te help in sy bediening – iets soos Paulus en Timoteüs, en het dit met hom bespreek.. Hy was nie hiervoor te vinde nie, aangesien hy reeds n bedieningspan in plek gehad het.

Hy het wel voorgestel dat ek myself in die VSA in Teologie moet gaan bekwaam. My kommentaar was dat ek nie finansieel instaat

was om sulke groot kostes te kan aangaan nie. Sy antwoord aan my was: “As God lei, voorsien Hy”. (“If God guides, He provides”). Dit was n profetiese woord vir my. Ek was egter nog nooit ’n goeie student nie en was nie oortuig dat ek moes gaan studeer nie. Ek het egter kort daarna die volgende in die Skrif geles: *“Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as ’n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig”* (2 Tim2:15 NV). As ek nou terugkyk dan weet ek dat dit God se wil was vir my. Die Evangelis was God se spreekbuis. Ek moes in Amerika kom studeer.

Ek het toe God se rigting vir my lewe aangepak en my Baccalaureus Artium aan die Bethany Universiteit van Kalifornië in 1989 voltooi. Die Heilige Gees het my toe gelei om verdere studies by Fuller Theological Seminary te onderneem en ek het ’n jaar in die MA-

program deurgebring. Ek het in Kerkgroei, Kerkstigting en Kerk-evangelisasie gestudeer. Namate die jaar tot sy einde gekom het, was ek oortuig dat die Gees my lei om toelating te verkry by die Assemblies of God se Teologiese Seminary te Springfield, Missouri. Ek het toelating verkry en in 1993 'n Meestersgraad in Teologie behaal. Hierna het ek toelating gekry by die Oral Roberts Universiteit en in die lente van 2000 my doktorsgraad behaal.

Ek het vir agt jaar 'n gemeente (VSA) bedien terwyl ek besig was met my doktorale studies. Ek was die Pastoor van 'n plaaslike gemeente. Net voor die voltooiing van my studies, het die Heilige Gees my gelei om 'n 40-dae vasperiode deur te gaan waartydens ek net water ingeneem het (8 Maart – 17 April 2000). Ek wou by my Hemelse Vader hoor wat Hy wil hë ek volgende moes doen. Ek was oortuig daarvan dat my tyd by die kerk uitgeloop het. Ek het dit met my familie bespreek en hulle het my besluit gesteun. Dit

was tyd om in 'n ander deel van God se wingerd te arbei. Ek het aan die einde van die somer van daardie jaar bedank en die gemeente en ek is op goeie voet uitmekaar. Met die wegbeweeg van die pastorale bediening, wou dit voorkom asof ons hele lewe om ons, uitmekaar begin val het!

Ek kon geen ander pos in die bediening bekom nie en selfs rondreisende bediening was maar skaars op daardie stadium. Die uittredende president van die Caribbean College of Bible International (CCBI) het my genader en gevra dat ek oorweging moet skenk om vir sy vakante pos aansoek te doen. Ek het aansoek gedoen en na 'n onderhoud was die stemming eenparig en ek het die president van CCBI geword, met dien verstande dat ek my eie finansiële ondersteuning moes bekom. Ek het hierdie posisie vir twee jaar beklee, totdat die bestuurs komitee van CCBI besluit het om die College weer in die Karibiese Eilande te hervestig.

Ek het gedurende hierdie tydperk verskeie sekulêre werke onderneem, ten einde my familie te kon onderhou. Een ding waarvan ek egter seker was, is dat ek geroep was om in die bediening te staan en ek het die geleerdheid gehad om dit te bevestig. Nogtans, “*n Mens beplan sy pad maar die Here bepaal hoe hy loop*” (Spr.16:9). Die meeste sekulêre werkgewers het nie erkenning gegee aan my teologiese kwalifikasies nie. Ek het ’n intellektuele werker geword wat teen ’n minimum salarisskaal besoldig was, wat nogal ’n vernederende ervaring was, om die minste te sê. Ek moes nog steeds rekeninge betaal en menige kere moes ek tagtig ure per week werk om my verpligtinge na te kom. Weeksdag het ek van 03:00 v.m. tot 15h30 n.m. gewerk en naweke nog twee, tienuur-skofte ingesit. Dit was duidelik dat ek nie so kon voortgaan nie. Ek het baie ontmoedig geraak, aangesien daar ook geen tyd was om kerk toe te gaan nie. Ek

was letterlik tussen die duiwel en die diep blou see om die minste te sê.

'n Broer in Christus het na my toe gekom en voorgestel dat ek weer 'n werk as elektisiën moes oorweeg, 'n ambag wat ek in Suid Afrika beoefen het voordat ek tot die familie besigheid toegetree het. Hy het my die naam van 'n maatskappy gegee en na onderhoud is ek in diens geneem. My inkomste het aansienlik verhoog, wat beteken het dat ek al die ander los werke kon bedank. Dit was duidelik nie wat ek regtig wou doen nie, maar klaarblyklik was dit die pad wat my Hemelse Vader vir my bedoel het. Ek het hierdie werk vir tien jaar gedoen en soms die geleentheid gekry om in verskeie plaaslike en internasionale gemeentes te preek.

Ek en my vrou het lidmate van 'n gemeente in Springfield geword, nadat ons vir 'n aantal jare, baie gemeentes in die omgewing besoek het. Daar was dae dat my vrou gevoel het dat ons werklik “droog gemaak

het” en dat God Sy plan vir ons roeping verander het. Ons het uiteindelik ook maar, soos so baie ander mense net nominale Christene geword. Ons het nogtans altyd onthou: *“As God eenmaal aan mense Sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie.”* (Rom. 11:29). Met ander woorde: Hy draai nooit Sy rug op Sy kinders nie.

Al ons hoop en drome het skynbaar soos mis voor die son verdwyn, maar ons het nogtans na Hom gekyk: *“Hy wat die ”Begin (Voorloper) en Voleinder van ons geloof is”* (Heb. 12:2) Ek het geweet dat God besig was om ‘n werk in ons lewens te doen, selfs al kon ons dit toe nie raaksien nie. Alle eer aan Hom, dat ons weer totale perspektief in ons lewe gekry het. Ons het besef dat ons, ons *Eerste Liefde verlaat* het en nie die omgekeerde nie. (Open 2:4)

Ek noem al hierdie dinge omdat ek bewus is daarvan dat daar andere is wat ook

net soos ons, die Here gedien het, om dan op n stadium al hul drome, hoop en begeertes aan skerwe te sien lê nie te min, ek wil julle aanmoedig om nooit moed op te gee nie. Ons het besluit dat, wat dit ookal gaan kos, (Luk 14:28) ons Hom vir die res van ons lewens gaan dien, selfs al word nie een van die beloftes wat ons van Hom ontvang het, bewaarheid nie. Ons het al ons prioriteite in orde gekry en Hom weereens begin dien soos wat ons dit in die begin gedoen het.

Ek was op hierdie stadium werksaam in die kantore van 'n elektriese maatskappy. Ek het 'n paar jaar van te vore tendonitis in my voete ontwikkel en kon nie meer op die konstruksieterrein werk nie. My werkgever het toe vir my 'n kantoorpos geskep. Die Maandagoggend van 8 September 2008, terwyl ek agter my lessenaar sit, het ek van die Heilige Gees verneem dat ek al my persoonlike items moet oppak. Die Vrydag het my werkgever in die kantoor ingekom en my gevra

om weer terug te gaan na 'n operasionele pos aangesien die kantoorwerk tot so 'n mate afgeneem het dat dit nie meer 'n werker regverdig het nie. Dit was moeilik om weer heeldag op my voete te wees en ek het menige dae in tranes vir God gevra om my deur die dag te help. Min het ek geweet dat dit nie lank sou aanhou nie en dat die Here my spoedig van hierdie sekulêre werk sou vrystel om my weer in die bediening te gebruik.

Op 9 Februarie 2009 is ek afgelê by die werk, maar ek het sommer dadelik in my gees ervaar dat dit die Here se tydsbestemming vir my was. Dit is nadat ek afgelê is, dat die Here die boodskap van hierdie boek aan my openbaar het. Ek het tot die oortuiging gekom dat as die Here 'n ou man soos ek kan gebruik in sy Koningryk, Hy jou ook kan gebruik, maak nie saak hoe oud jy is nie. Ek het tyd gehad om te vas en te bid (Neh. 1:4; Hand. 13:2-3) Ek het nou die geleentheid gehad om die Skrifte deeglik en omvangryk te bestudeer.

Dit was en is nog steeds 'n heerlike tyd van verfrissing. Ek het in die laaste paar maande so baie van Hom geleer. Ek is baie opgewonde, maar ook nederig - oor wat Hy aan my openbaar het.

Nou die rede vir heirdie boek. Ek is sleg die skrywer, hier van. Jy het egter nou die geleentheid om hierdie eindtydboodschap van hoop, na die uiteindes van die wêreld te neem. Wat hier gesê word, gaan plaasvind, al neem dié visioen 'n wyle om openbaar te word (Hab. 2:3b). Mag Hy wat die hemel en aarde geskep het, deur hiedie boek verheerlik word, vir dit wat Hy spoedig in hierdie wêreld gaan doen. Mag Sy kerk gereed wees vir die massiewe insameling van die siele- oes vir die Koningryk van God.

Ek wil graag my dank teenoor my Hemelse Vader uitspreek vir Sy geheimenisse wat Hy aan my geopenbaar het, rakende die doel vir die kerk in die laaste dae. Alle glorie, dank en ere aan my Redder en Heer, Jesus

Christus, dat Hy my en my gesin gered het en geroep het om in Sy bediening te staan. Aan die Heer van die Oes, die Heilige Gees, sê ek dankie, dat Hy my gekies het om Sy stem aan Sy volk te mag wees in hierdie laatste uur. Mag Hy ons lei en rigting gee in hierdie dae, waar ons saam met die Heer van die Oes, die menigtes gaan wen vir Sy Koningkryk.

Hoofstuk 2

SENDELING J.R. GSCHWEND:

'n BRANDEDE KERS

*"Die Here het toe vir my gesê: 'Skryf wat ek aan jou gaan openbaar (Die visioen)....."
(Hab. 2:2)*

Een aand het ek my Bybel opgetel en het begin Handeling se sewe en twintig lees. Dit beskryf Paulus se reis na Rome nadat hy hom op die Keiser beroep het. Oppad na Rome, waarsku Paulus, selfs voor hul die hawe van Mooi Hawens verlaat, van gevare wat hul op see te wagte kan wees. Almal, insluitende die offisier, die skeepskaptein en skeepseienaar het die waarskuwing verontagsaam. Ongega van die waarskuwing het hulle nogtans voortgegaan. 'n Engel besoek Paulus (Hand. 27:23) en verseker hom dat almal sal leef as hul net na hom sou luister.

Dit is verstommend hoeveel keer die Here iemand na ons stuur met 'n boodskap van toekomstige gevaar, maar ons ignoreer dit, omdat ons dink ons van beter weet. Sodra ons egter in die moeilikheid beland, dan luister ons gou na die man van God. Selfs in hierdie situasie bly Paulus begaan oor die manne aan boord en in die vroeë oggend ure pleit hy by hulle om te eet: *“Vandag is dit al veertien dae dat jul in spanning wag sonder om iets te eet. Daarom raai ek julle aan om nou te eet. Julle het dit nodig om gered te word. Niemand van julle sal 'n haar van sy kop verloor nie.”* (Hand. 27:33-34).

Terwyl ek hierdie Skrifte gelees het, het ek besef dat die Heilige Gees my lei om 'n veertien dae vas te onderneem. Ek het dit 'n saak van gebed gemaak en God se seën op hierdie voorneme gevra. Ek het in geloof aanvaar dat dit so sal wees en 13-27 April 2009, as vasdatum vasgestel. Ek het die Heilige gees gevra om my by te staan deur alle

begeertes na kos weg te neem, maar het ook geweet dat ek gedissiplineerd sou moes wees as ek my doel wou bereik. Twee interessante dinge het tydens hierdie vasperiode plaasgevind. Eerstens: ek het onthou van 'n visioen waarvan ek gehoor het toe ek 'n dissipel van Jesus Christus geword het. Tweedens het ek onthou van 'n geskil tussen my en 'n mede Pastoor, wat ek gedink het reeds opgelos was.

Dit bring my dan by die visioen waaraan die Heilige Gees my herinner het. Jare gelede het Eerwaarde Walter Compton my vertel van 'n visioen wat 'n sendeling gehad het. Die visioen was van 'n wêreldkaart wat op n muur gehang het en onder dit was daar 'n brandende kers. Die kers se vlam het die kaart op die punt van Afrika aan die brand gestee. Die vuur het Afrika verteer en daarna na die res van die wêreld versprei. Hierdie visioen was nou so vars in my geheue dat ek besluit het om die betroubaarheid daarvan te ondersoek. Ek het

'n internasionale oproep na Eerwaarde Compton gemaak.

Hy het die evangelis, J.R. Gschwend, wat die visioen ontvang het, persoonlik geken. Op my vraag het Eerwaarde Compton geantwoord dat hy geen skriftelike dokumentasie van die visioen het nie. Ek was egter nie van plan om moed op te gee nie! Ek wou weet of die evangelis nog in Suid-Afrika woon, maar ek moes hoor dat hy reeds oorlede is. Dit het my laat wonder of ek nie dalk die Heilige Gees se leiding verkeerd verstaan het nie. Na mate die gesprek gevorder het, het ek egter uitgevind dat evangelis Gschwend 'n bediening op die been gebring het, naamlik *All Nations Gospel Publishers*. Ek het deur middel van die internet vasgestel dat hierdie bediening in Pretoria (Pretoria-Wes), een van die groot stede in Suid-Afrika, gevestig is. Sy seun Manassah en kleinseun Eugene, wat aan die hoof staan van 'n publikasie maatskappy, is ook in die artikel genoem. Die webtuiste het

ook al die relevante kontak-besonderhede bevat.

Ek het 'n internasionale oproep gemaak en myself bekend gestel. Ek het aan Eugene gesê dat ek graag die oorspronklikheid van die visioen wat sy oupa gehad, wou verifieer. Hy het nie alleen die visioen as outentiek bevestig nie, maar ook genoem dat sy oupa 'n boek, *A burning Candle*, geskryf het, wat die hele visioen beskryf. Op die voorblad van die boek was 'n skets van die visioen, net soos sy oupa dit gesien het.

Na my gesprek met die kleinseun, het ek 'n afskrif van die boek bekom en het ek uitgevind dat hierdie sendeling, Joseph Reinhard Gschwend (1894 – 1988) in Alstätten in die Kanton van St. Gallen, Switzerland, gebore was. Hy het grootgeword as Rooms-Katoliek en het met die uitbreek van die Eerste Wêreld Oorlog (1914 -1919) diens gedoen in die Switserse Artillerie. Na twee jaar diens, is daar drie maande verlof aan hom toegestaan

om persoonlike besigheid in Duitsland te gaan afhandel.

Met sy terugkeer huistoe is hy gearresteer, van spioenasie aangekla en tronk toe gestuur. Hierdie beskuldiging is later onwaar bevind. Gschwend het Jesus Christus as sy persoonlike Saligmaker tydens sy aanhouding in die tronk, aangeneem en het hy tot bekering gekom en die Here belowe om hom te dien. Die spioenasie saak is teruggetrek en hy het teruggekeer na die Switserse Weermag.

Na die oorlog het hy aan 'n Bybelskool in Engeland gaan studeer, om hom voor te berei vir die bediening. Na voltooiing van sy studies is hy georden deur die Pfingst Sending in Switserland en vertrek hy na Suid Afrika as 'n interkerklike sendeling. Hy het 'n dame, 'n Suid Afrikaanse sendeling, Evaline Mahon ontmoet, wat sendingwerk in Lesotho gedoen het. Hulle trou op haar ouers se plaas "Mooigelegen" naby Reitz in die Vrystaat, 'n

provinsie van Suid-Afrika. Uit hierdie huwelik is vyf kinders gebore. Hy vestig uiteindelik sy bediening in Pretoria waar hy dan ook in 1929 die visioen ontvang het. In 1960 skryf hy 'n boek waarin hy van al sy sendeling ervarings vertel.

Dit is belangrik dat ons hierdie man se integriteit nagaan, voordat ons verder in sy boek delf. Ek glo daar is kritici wat sy visioen sal wil bevraagteken, veral op hierdie tydstip waar ek deur die Heilige Gees gelei word om weer sy visioen te ondersoek en te bespreek in, "*Skryf die Visioen.*" Wanneer 'n mens met profesieë; visioene en drome te make het, is dit altyd wys om die bron daarvan te ondersoek en nie alles verbatim as die waarheid te beskou nie. (1 Joh. 4:1; Handeling 17:11 en 1 Kor. 14; 29)

Hier is 'n man wat 'n droomvisioen gehad het en die vraag is, wie was hierdie man? Wat weet ons van hom? Is hy 'n bedrieër? Wat sê ander, wat hom geken het, van hom? Hierdie is

belangrike vrae wat gevra moet word, omdat daar deesdae so baie misleidende inligting verkondig word. Ek het dus baie moeite gedoen om onderhoude te voer met mense wat hom persoonlik geken het. Ek gee n kort agtergrondskeets van hierdie persone sodat u, die leser, beter ingelig is oor die integriteit van hierdie mense wat van Joseph Reinhard Gschwend getuig.

Ek het eerstens die wonderlike voorreg gehad om 'n onderhoud te voer met, Joseph Reinhard Gschwend (Jnr) sy seun, wat in Suid-Carolina, Amerika bly, waar hy en sy vrou afgetree het na jare in die sending-bediening.¹ Joseph is in Suid-Afrika gebore. Hy en sy vrou, het tydens hulle sending-bediening in Suid-Afrika, tentveldtogte onderneem en verskeie kerke in buurlande gevestig. Hy was vir vyftig jaar plus 'n geordende sendeling by die International Pentecostal Holiness Church (IPHC).

Hy het die volgende aangaande sy pa te sê: Hy was 'n man van God, gevul met die Gees van God, deur wie hy geroep was om as 'n sendeling in Afrika te werk, waar hy ook die res van sy lewe gebly het. Hy het God gedien deur die skryf en publisering van geestelike lektuur vir die plaaslike bevolking. In latere jare is sy geestelike boeke, pamflette en traktate oor die hele kontinent versprei en word dit in vierhonderd-ses-en-vyftig verskillende Afrika-tale vertaal. Hy was verder betrokke by plaaslike kerke en was ge-affilieer by die Apostoliese Geloofsending van Suid Afrika (AGS). Hy was 'n wonderlike pa wat baie lief vir sy familie was.

Hierna het ek 'n onderhoud gevoer met Dr. Isak Burger², President van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika sedert 1988. Dr Burger het sedert 1974 twee gemeentes bedien, voordat hy in 1982 'n lektor en die registrateur van die AGS Teologiese Kollege

geword het. Hy is 'n welbekende prediker en produktiewe skrywer.

Dr Burger het die volgende aangaande Gschwend te sê: hy was 'n man van God wat altyd met sy Vader se werk besig was. Hy het aanvanklik in die eertydse Basutoland, nou Lesotho, bedien waar hy, onder beskerming van die AGS, as sendeling opgetree het. Hy het 'n Bybel Kollege en 'n groot kerk opgerig en het die *All Nations Gospel Publishers*, gevestig. Hy was baie bekend vir die profetiese boodskappe wat hy gelewer het, waarvan verskeie in latere jare bevestig was. Hy was een van die mees gerespekteerde manne van God wat Burger ooit ontmoet het.³

Nog 'n getuienis was die van Eerwaarde Walter Compton.⁴ Hy is deur die Assemblies of God, South Afrika, georden vanaf 1984 - 2006. Hy het in vyf gemeentes bedien en is huidig betrokke by 'n onderrigsbediening. Hy behartig ook "*Divorce Care and Recovery Seminars*". Eerwaarde Compton was 'n jong man met 'n

roeping as siele-wenner. Hy het Gschwend leer ken omdat hy literatuur benodig gehad het vir twee sendingstasies wat hy buite sy tuisdorp, op twee plase begin het. God het hom na Gschwend se uitgewery gelei.

Hier volg sy opsomming: Gschwend was 'n man wat God liefgehad het en baie naby aan Hom beweeg het. Dit was altyd 'n plesier om in Gschwend se teenwoordigheid te wees. In al ons onderhandelinge, binne en buite die besigheid, was sy toegewydheid aan die Groot Opdrag duidelik, d.i. om die Evangelie in elke ongelowige se hande te plaas. Hy was 'n ware dissipel van Jesus totdat die Here hom huistoe geneem het.

Die volgende getuienis kom van Eerwaarde James Cole-Rous, huidig die Inhoudsdirekteur by die *Network 211*, 'n bediening in Springfield, Missouri, VSA. Hy kom oorspronklik van Suid Afrika, waar hy as 'n jongman deur God tot die Bediening geroep was. Hy is in 1958 by die Assemblies of God in

Suid Afrika georden en het oor 'n verloop van tyd vyf kerke gestig. Hy geniet evangelisasie en is 'n vlieënier. Hierdie vaardigheid het handig te pas gekom toe hy vir "*Mission Aviation of South Africa*" gewerk het en hy sendingvlugte na die Kongo onderneem het. Hy het in die sewentiger jare in Amerika gestudeer, waarna hy by die Assemblies of God, VSA georden is. Hy het sedertdien in verskeie bedieninge gewerk het.

Hierdie was een van daardie "*Kairos oomblikke*" ('n Goddelike openbarings moment). Die kans dat ek iemand hier in Springfield sou raakloop, met wie ek 'n onderhoud aangaande Gschwend moes voer, was uiters skraal. God het egter van hierdie broeder geweet. Eerwaarde Cole-Rous het Gschwend reeds in 1954 ontmoet, waarna Gschwend hom na sy huis genooi het vir ete. Hy is ook die drukpers in die motorhuis gewys. Hy het oor die jare 'n paar keer die familie

besoek en was altyd hartlik ontvang en geestelik versterk.

Cole-Rous het gemeld dat die Assemblies die gewoonte gehad het om tydens Sondagoggend-dienste lidmate aan te moedig om 'n boodskap te bring, of 'n woord van bemoediging te spreek. Gewoonlik het so twee tot drie mense van hierdie geleentheid gebruik gemaak, waarna die leraar 'n samevatting van al hierdie "Woorde van God" wat deur die persone gebring was, gekonsolideer het.

Tydens een van hierdie dienste het Gschwend opgestaan en almal se aandag op Matteus 5:1 gevestig het. Gschwend het die volgende genoem: *Jesus het op die berg gaan sit. Hy berg-op geklim, waarna Hy op die berg gaan sit het. Jesus het nie toegelaat dat die berg op Hom sit nie! Ons moet soos Jesus wees en nie toelaat dat die berge van die lewe op ons sit nie!* " Cole-Rous het nooit daardie boodskap van veertig jaar gelede vergeet nie.

Dit was duidelik dat Gschwend 'n man was wat deur God se Gees gelei is.⁵

Wanneer 'n mens hierdie getuienisse aangaande Gschwend lees, is dit duidelik dat hy 'n man was wat op 'n daaglikse basis vir God geleef het. 'n Mens kom dan tot die gevolgtrekking dat God Sy geheimenisse sal bekend maak aan diesulkes wat getrou en betroubaar bevind word (Amos 3:7). Noudat ons die getuienis van twee tot drie getuies het, kan ons terugkeer na die boek, sodat ons die komende Goddelike “besoek” kan ontdek.

Eugene Gschwend⁶ het op my versoek vir my 'n boek⁷ aangestuur. Dit het in die laaste deel van my veertien dae vas per pos gearriveer. Ek het onmiddellik begin lees. Aan die einde van die boek het Gschwend die visioen wat hy gehad het neergeskryf. Hy het egter gevoel dat die visioen verwesenlik is deur die vestiging van sy eie bediening en die verspreiding van die geestelike literatuur regoor die Afrika-kontinent.

Ek is egter nie oortuig van die korrektheid van sy gevolgtrekking nie, omdat ek glo dat hierdie visioen 'n baie groter omvang het met betrekking tot eindtyd profetiese gebeure. Ek glo vas dat hierdie visioen die eindtye aanspreek. Die profetiese woord in die Bybel het gewoonlik 'n ondergeskikte vervulling asook 'n groter, belangriker vervulling. Hyself erken dat die visioen dalk op iets groters kan dui as wat hy ervaar het. Ek is oortuig daarvan dat Gschwend se bediening die ondergeskikte vervulling was, terwyl die groter gebeurtenis in die nabye toekoms sal realiseer. Jy sal soos jy verder lees, verstaan waarom ek tot die gevolgtrekking gekom het.

Ek maak hiedie stelling omdat ek vir twee weke lank die Here gesoek het en die geldigheid van hierdie profetiese visioen ontdek het, maar nog nie geweet het wat om daarmee te maak nie. Verdere navorsing het die volgende aan die lig gebring: “...*n saak kan net bewys word deur die getuienis van*

twee of drie getuies.” (Deutr 19:15b) en, Jesus het gesê: “...alles wat gesê word; deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word” (Matt 18:16b) Hy het voortgegaan om te sê: “ As ek net oor myself getuig, is my getuienis nie geldig nie: daar is ook iemand anders wat oor my getuig, en ek weet dat die getuienis wat Hy oor My aflê, waar is. Julle het ’n afvaardiging na Johannes gestuur, en wat Hy getuig het, is die waarheid. Nie dat Ek op die getuienis van ’n mens steun nie.....maar Ek het getuienis wat gewigtiger is as dié van Johannes. Die werk wat die Vader my gegee het om te voltooi, en waarmee Ek nou besig is, lê oor my getuienis af en bevestig dat die Vader my gestuur het. En die Vader wat My gestuur het, het ook oor My getuienis afgelê.....As julle Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want Hy het van My geskryf. (Joh. 5:31-46). Dit is dus duidelik dat Jesus die Skrif gebruik om te bepaal dat ’n getuienis geldig is wanneer daar twee of drie getuies is.

Met hierdie Skrifte in gedagte, het ek die Heilige Gees gevra om hierdie *VISIOEN* te bevestig, d.i. ás die groter gebeurtenis nog nie in vervulling gekom het nie. Bevestiging, deur twee of drie getuies. Onthou, ek was besig met vas en gebed, besig om die Here se leiding te soek vir my bediening, toe die Heilige Gees my aan die visioen herinner het. Nou het ek met die boek in my hande gesit: 'n Getuienis van wat met 'n Switserse sendeling in Suid-Afrika gebeur het. Dit is die eerste getuie van die visioen, ek haal aan:

***JESUS, DIE SEUN VAN DIE
ALLERHOOGSTE GOD, KOM
SPOEDIG TERUG***

*Ons moet besig bly totdat Hy terugkom.
Jou lendene moet omgord wees, jou
lamp brandend. Laat ons, ek en jy, ten
minste besig gevind word.*

'n BRANDENDE KERS⁸

Jare gelede is ek wakker gemaak deur 'n kort, maar baie duidelike droomgesig. Ek het 'n kaart van Afrika en Europa met die aangrensende lande, teen 'n muur sien hang. Aan die onderkant van die kaart, naby aan die muur was 'n klein tafeltjie. 'n Brandende kers in 'n kersblaker het bo-op die tafeltjie gestaan en sy flikkerende lig het op die groot kaart geval. 'n Sagte briesie het die vlam na die kaart gewaai sodat dit vlamgevat het op die suidelikste punt van Afrika. Vlamme het versprei regoor die Afrika-kontinent, na Europa, sowel as na Indië en ander wêrelddele.

Ek het wakker geword, diep geraak deur die kort, maar duidelik visioen en die woorde geuiter: "Dit is 'n herlewingsvuur". Ek het op my knieë geval en gebid: "O Here, dit is wonderlik dat 'n klein brandende kersie 'n hele wêreld aan die brand kan steek. Mag ek dit vir U doen! As ek nie 'n bekende prediker of sendeling kan wees nie, mag ek, O Here, dan 'n klein brandende kersie vir Jesus wees, waar ek ookal mag gaan!"

Ek het besef dat 'n brandende kers van meer nut is as 'n luukse lamp, vol olie, wat nie brand nie. Dit was tonge van vuur, wat op Pinksterdag, op die 120

dissipels neergedaal het, wat die kerk van Christus aan die brand gestee en dit 'n "Lig van die wêreld" gemaak het.

Mag die hele Afrika aan die brand gestee word vir God, met 'n visie vir die redding van siele dwarsoor die wêreld. Dit is glad nie onmoontlik dat God genadiglik Suid- Afrika kan gebruik, om 'n wêreldherlewing te veroorsaak nie. Laat ons dan bid, en laat ons brandende kerse wees, wat deur God geplaas kan word, selfs in die donkerste van wêrelddele.⁸

In die laaste paragraaf hierbo is 'n hoop dat God iets groots kan en wil doen op die Afrika-kontinent wat ook die res van die wêreld sou insluit. Ek glo dat Gschwend, soos enige ander prediker, geweet het dat die kans dat so iets kon gebeur feitlik onmoontlik was. Ek is ook 'n gebore Suid-Afrikaner en ek vind die moontlikheid dat so iets sal gebeur amper ondenkbaar.

Hoe dit ookal sy, ek word herinner aan die Skrifte waar Filippus vir Nataniël gevind en gesê het : "*Ons het Hom gekry van wie Moses*

in die in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het: Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef. Maar Nataniël sê vir hom: “Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?” “Kom kyk,” het Filippus hom geantwoord (Joh. 1:45-46)

Dit is my begeerte dat God in Sy oneindige wysheid, Afrika aan die brand sal steek met die vuur van die Heilige Gees sodat die kerk aan die wereld sal sê: “*Kom kyk*”. God sal al die eer ontvang as gelowiges aangevuur word op 'n kontinent, waar daar geheel en al geen verwagting is dat so iets moontlik sou wees nie.

Kom ons gaan voort met hierdie boek sodat u ook kan ontdek wat ek ontdek het en wat my aangespoor het om “*die openbaring (visioen) duidelik neer te skryf op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees*” (Hab. 2:2).

Hoofstuk 3

PASTOOR DANNY FISHER:

'n *BRANDENDE VUURHOUTJIE*

"...duidelik op kleitablette..."

(Hab 2:2).

Ek was besig om te vas en die Heilige Gees het my ook bewus gemaak van 'n saak waarby 'n mede-Pastoor betrokke was. Ek het een oggend 3:00 met die verskriklikste pyn wakker geword. Terwyl ek daar gelê het, het ek gewonder hoekom my gebede onbeantwoord bly. Ek was desperaat vir genesing.

Ek het van kleins-af soms hierdie ongemak in my linkersy ervaar. Dokters se bevindings was nog altyd dat dit niks was om my oor te bekommer nie en dit is presies wat ek gedoen het. Die dowwe pyn het egter later 'n aanhoudende pyn geword en dit het

progressief erger geword. Ek het 'n afspraak by my dokter gemaak, hy het toetse laat doen wat niks opgelewer het nie. Ek was verheug hieroor, maar die pyn het voortgeduur. Ek skryf hieroor omdat dit belangrik is vir wat volgende gaan gebeur.

Andrew Murray sê: *“Dit mag wees dat iets binne jou, jou verhoed om 'n antwoord op gebed te verkry. As 'n antwoord weerhou word, is dit gewoonlik geseënde tug. Dit lei na selfondersoek. Ons bid dalk verkeerd of ons lewe is nie in totale harmonie met ons gebed nie.”*⁹ Hierdie was die dryfveer wat my genoodsaak het om te vra: *‘Here, wat is dit wat veroorsaak dat ek nie genesing ontvang nie?’* Ek het uit die bed uit gerol en op my knieë gebid en gesmeek vir 'n antwoord, want ek was bereid om enige iets te doen sodat Hy my kon genees.

'n Ongelukkige insident, waar ek verkeerd teenoor 'n mede-leraar opgetree het, het onmiddellik by my opgekom. Ek het met die

Heilige Gees begin redeneer dat ek reeds hierdie sonde bely het en dat ek nou “*onder die bloed*” was. Ek het verskoning gevra en geglo dat alles verby was. Klaarblyklik was die saak nie afgehandel nie en die Heilige Gees wou my dit ook nie kwytskeld nie! Dit is teen my grein om nie gehoorsaam te wees aan die leiding van die Heilige Gees nie. Ek het gesê: “*As dit is wat U verlang en dit nie net ’n set van die duiwel is nie, genees asseblief my sy*” wat toe onbeskryflik seer was. Ek het vir Hom gesê as die pyn die volgende oggend weg sou wees, ek na die mede-leraar sou gaan, my sonde bely en om verskoning sou vra. Jakobus sê: “*Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.*” (Jak 5:16)

Die volgende oggend het ek geen pyn gehad nie! Die Here het duidelik leiding gegee van wat Hy van my verlang. Ek het geen tyd verspeel om na die betrokke Pastoor se kerk te gaan om met hom te ontmoet nie. Met sy

aankoms, is ons na sy kantoor en nadat ek verduidelik het waarom ek daar was, het ek my sonde bely en my broeder en ek was versoen. Hy het vir my gebed en terwyl ons in gebed was het die Heilige Gees die volgende Skrfgedeelte aan hom gegee: *“Kom ons gaan terug na die Here, want Hy het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak. Hy het ons geslaan, maar sal weer ons wonde verbind. Hy sal ons na twee dae ’n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee, sodat ons in Sy teenwoordigheid kan leef.”* (Hosea 6:1-2)

Ek was verstom en het die Skrif vir myself toegeëien. Ek wou op die tweede dag ’n nuwe lewe begin en op die derde dag krag ontvang om in Sy teenwoordigheid te leef. Die Pastoor het my toe gevra waarmee ek besig was sedert ons laas gepraat het. Ek het vertel hoe die Here my oor die afgelope tien jaar gelei het. Ek het ook vertel dat die Here my teruggelei het na die elektriese-bedryf en dat ek onlangs afgelê is as gevolg van die

afwaartse beweging in die ekonomie. Ek kon nietemin die Here se hand in alles sien, aangesien die Here besig was om my terug te lei na die bediening, waartoe Hy my in die eerste plek geroep het.

Ek het hom ook vertel van die vastydperk en hoe die Heilige Gees my gelei het om Gschwend se visioen te vind. Hy was verbaas en het 'n stelling gemaak wat my verstom het. Hy het gesê dat hy 'n Pastoor in Oklahoma ken wat 'n soortgelyke visioen ontvang het. Ek het gevra wie dit was en hy het toe geantwoord dat dit Pastoor Danny Fisher van *Immanuel Fellowship Church* in Seminole, Oklahoma was.

Nie lank na die gesprek nie, het ek Pastoor Fisher gebel.¹⁰ Ek het myself bekend gestel en die rede vir die oproep verstrek. Ek het toe die *Brandende Kers* visioen met hom gedeel en genoem dat ek gehoor het dat hy 'n soortgelyke visioen gehad het.

Voordat ek Pastoor Fisher se visioen met jou die leser deel, moet ek jou eers meedeel wat ek oor hom uitgevind het, sodat jy vertrou kan hê in dit wat God hom gewys het. Die Woord sê: *“Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en teregwys. Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk. Leef in vrede met mekaar.”* (1 Thes. 5:12-13). Die King James vertaling sê: *“Know them who labour among you”* (1 Thes 5:12a). Dit is baie belangrik in die bediening omdat daar diegene is waarteen Judas ons waarsku, *“.....sekere mense het ongemerk julle geledere binnegedring...goddelose mense...* (Judas 1:4). Hulle mislei die skape en veroorsaak dat hulle verdwaal. Soos in hoofstuk twee oor J. R. Gschwend, het ek n paar mense (in die bediening) wat hom ken genader en ek gaan nou dieselfde doen met Pastoor Fisher.

Ek begin met Pastoor Kobus Swart,¹¹ 'n Suid-Afrikaner, wat betrokke is in die bediening in Somerset West, Wes-Kaapprovinsie, Suid-Afrika. Hy is die stigter en prinsipaal van Bizweni Kollege en ook hoof ouderling van die Bizweni Gemeenskapskerk¹² wat hy en sy vrou, Hazel, in 1986 gestig het. Hy staan reeds vir meer as dertig jaar in die bediening en hy doen verantwoording aan verskeie apostoliese bedieninge (International Christian Leadership Connections¹³) in Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk, Brazilië, die V.S.A. en ander lande. Deur sy netwerk met Christen leiers het hy Pastoor Fisher leer ken.

Ek het 'n Int'l oproep gemaak van die VSA en het met Pastoor Swart¹⁴ uitgevra oor Pastoor Fisher. Sy antwoord was dat hy 'n opregte man van God is, 'n visionary met 'n passie vir die gawe van profesie. Ook dat hy die begeerte het dat alle nasies aangeraak moet word deur die Evangelie van Jesus Christus. Hy is 'n opregte individu, 'n persoon

met integriteit en tydens 'n onlangse besoek in Engeland het hy ervaar dat Pastoor Fisher selfs meer intens was as voorheen en dat, *“hy is hoogs aan te beveel”*.

Ek was ook bevoorreg om met een van Pastoor Danny Fisher se kerks raadslid, Mike Scheller¹⁵, 'n onderhoud te kon voer. Hy het Pastoor Danny al vir 20 jaar geken. Mike is sedert 1994 deel van Pastoor Danny se personeel by die kerk en is in beheer van die kerk se administrasie. Toe ek Mike oor sy Pastoor uitgevra het, het hy geantwoord dat hy sy Pastoor as toegewyd en betroubaar beskou en dat hy God lief het met sy hele hart. Hy sal ook nooit enige iets doen wat die Heilige Gees sal bedroef nie. Pastoor Fisher is vir hom 'n geestelike vader en hy sal hom met sy lewe vertrou.

Ek het gevra hoe die gemeente hom ervaar en die antwoord was, dat hulle hom baie lief het. Hiervan kan ek ook getuig. Ek en my eggenote het onlangs 'n oggenddiens¹⁶

daar bygewoon, waarna ons ook saam met die gemeente middagete in hulle Familie Sentrum genuttig het. Hulle beskou hom as 'n persoon met integriteit en 'n Bybelse leraar wat die gemeente geestelik voed. Ek het nog 'n stappie verder gegaan en uitgevind hoe die plaaslike gemeenskap hom ervaar. Ek is ingelig dat hy hoë aansien geniet en dat hy al die afgelope dertig jaar in die gemeenskap woonagtig is.

Laat ek nou teruggaan na die aanvanklike afspraak met Pastoor Danny Fisher. Hy het sy persoonlike getuienis met my gedeel. Die Here het hom gered uit 'n disfunksionele en mishandelde agtergrond. Hierdie oorgeërfde vloek het hom tot adolossensie gevolg. In 1977, op vyf-en-twintig-jarige ouderdom, het hy die Here as sy persoonlike Saligmaker aangeneem in die Southern Baptist Church. Hy het terselfdertyd sy roeping vir die bediening ontvang en is in 1982 by die Southern Baptist Convention georden. Hy het sedertdien in verskeie

gemeentes bedien en is 'n Geesvervulde gelowige. Hy is vir die laaste vier-en-twintig jaar die Pastoor van Immanuel Fellowship. In 1988 het die Here hom gelei om sendingreise te onderneem en hy het al sedertdien sewe-en-twintig nasies bedien. Hy is geaffilieer by Christian Leadership Connections.

Die bogenoemde oorsig en getuienisse bevestig dat Pastoor Fisher deur God geroep is, 'n man van integriteit is, en dat hy getrou is aan sy Meester. God het Sy geheimenisse, (Amos 3:7), rakende die eindtyd-oes wat die wêreld gaan verteer aan Danny bekend gemaak. Hier volg Pastoor Fisher se weergawe van die visioen wat hy ervaar het en wat hy telefonies aan my oorgedra het.

'n BRANDENDE VUURHOUTJIE

Pastoor Fisher het in October 1991 saam met 'n groep vanuit Amerika na Somerset-Wes, Wes-Kaapprovinsie, Suid-Afrika gereis. Hulle het in Somerset-Wes bedien. Die groep het by Pastoor Kobus Swart, in sy dubbelverdiepinghuis tuisgegaan.

Pastoor Fisher het in die gastekamer op die grondverdieping geslaap terwyl die res van die groep op die boonste vlak tuis gegaan het.

Almal het gaan slaap, maar Pastoor Fisher kon nie slaap nie en het besluit om maar te gaan bid. Aangesien hy alleen op die onderste vlak was, sou hy niemand pla nie. Hy het van kamer tot kamer geloop en uiteindelik 'n kamer gevind, waarin daar 'n boontjiesakstoel was. Hy het besluit om hier te bid, aangesien daar geen ander aandag-afleiers was nie.

In die vroeë oggend-ure, terwyl hy besig was om te bid, het hy skielik 'n massiewe oopgevoude kaart in die lug sien hang. Hy het na die kaart gestaan en kyk en skielik het 'n reuse hand verskyn. 'n Vuurhoutjie wat deur die hand vasgehou word, het skielik ontvlam. Die hand met die vuurhoutjie het na die mees suidelike punt van Suid-Afrika beweeg en het die kaart aan die brand gesteek. Die vuur het oor die kontinent van Afrika versprei en dit verteer. Terselfdertyd het die vuur na ander kontinente regoor die wêreld versprei.¹⁷

Terwyl ek na Pastoor Fisher geluister het, het ek besef dat die Here van die Oes iets wonderliks in die wêreld gaan doen. Dit gaan in Suid-Afrika, my geboorteland begin. Ek was verstom dat die Heilige Gees 'n sonde wat ek begaan het kon gebruik, sodat ek van hierdie visioen kon sien, om dan uiteindelik eer aan die Naam van die Here te bring. Waarlik, dat dit wat die vyand wou gebruik om te vernietig, deur God omgedraai word tot sy eer! Ons dien 'n wonderlike God. As ek nie my sonde gaan bely het en met my broeder versoen geraak het nie, sou ek nooit van hierdie visioen geweet het nie. Ek sou nie die tweede bevestiging van die visioen (waarvan Eerwaarde Compton gepraat het) gekry het nie.

Mag die Here al die eer wat aan Hom verskuldig is kry, terwyl die genade tydperk vir heidene uitloop met die instrooming van kosbare siele in die Koninkryk van God.

Hierdie koninkryk wat op aarde die Kerk is, Sy bruid.

Hoofstuk 4

EVANGELIS T.A. RALEKHOLELA:

GOD SE KRING VAN VUUR

*"...sodat mense dit Sommer in die verbygaan
kan lees"
(Hab. 2:2).*

Nadat ek met Pastoor Fisher gepraat het, is ek deur die Heilige Gees gelei om met Google op die internet te soek na soortgelyke visioene. Ek het sekere sleutelwoorde ingetik en op die heel eerste bladsy 'n webblad van 'n mede Suid-Afrikaner, Eerwaarde T. A. Ralekholela, se bediening gevind. Op sy webblad het ek 'n kort beskrywing van 'n visioen gekry wat hy gehad het. Die visioen het vertel van 'n vuur wat op die Suidpunt van Afrika ontstaan, dan oor die Afrika kontinent versprei en wat oorspoel na die uiteindes van wêreld. Ek was ekstaties, want hierdie was die derde bevestiging van dieselfde visioen.

Ek het uit jare se ondervinding geleer dat dit essensieël is om alles te verifieer, omdat daar soveel dwaal leering leeraars is. Nodeloos om te sê: die vrugte van Gschwend se bediening, bevestig die eerste manifestasie van die visioen. Die tweede bevestiging van die visioen is geverifieer deur 'n aantal persone wat Pastoor Fisher persoonlik ken. 'n Baie goeie vriend van my in Suid-Afrika, Dr Johan Combrinck, President van Africa Network Evangelism Task Ministries, (AFnet), kan die derde visioen bevestig. Hy bevestig dat Eerwaarde Ralekholela, 'n man van God is en *“vandag een van die mees prominente evangeliste in Suid-Afrika is”*.¹⁸ Daar is ook verdere bevestigings.

Dr Isak Burger, President van die Apostoliese Geloofsending in Suid-Afrika (bekend gestel in hoofstuk 2), het die voorreg gehad om te sien hoe Ralekholela se bediening klein begin het. God het hom opgerig, totdat hy vandag een van die mees

bekendste evangeliste in Afrika is. Dr Burger het die volgende te sê: Pastoor Ralekholela is in die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika georden en word in die algemeen herken as een van die mees invloedrykste en suksesvolle evangeliste in die land. Hy bedien meestal interkerklik en gebruik dikwels 'n mega-tent om die skare te akkommodeer.

Nog 'n getuienis om die geloofwaardigheid van Eerwaarde Ralekholela te bevestig, kom van Pastoor M. George Mahlobo¹⁹ wat die algemene sekretaris van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika is. Hy sê dat hy Eerwaarde Ralekholela persoonlik goed ken en ook sy bediening baie goed ken. Hy noem ook dat Eerwaarde Ralekholela 'n geleerde teoloog is en dat hy uitblink het tydens sy praktiese jaar en ook later as waarnemend Pastoor. In 1987 het hy die bediening van sy gemeente opsy geskuif en God se roeping as evangelis gehoorsaam. Hy handhaaf steeds goeie verhouding met die

AGS. Noudat Eerwaarde Ralekholela se integriteit as persoon bekragtig is, kan ons hoor wat hy self te sê het.

Hier volg Evangelis Thibello Annanius Ralekholela van Gospel Fire Evangelistic Ministries, Vereeniging, Gautengprovinsie, Suid-Afrika, se weergawe. Hy is gebore in Parys (n klein dorpie in Suid-Afrika) en hy is afkomstig van die Sotho bevoking en is dus Sotho-sprekend. Hy het op 6 Junie 1978 tot bekering gekom en Jesus Christus as sy persoonlike Saligmaker aangeneem. Hy het in 1980 togetree tot die voltydse bediening en is op 23 Maart 1985 by die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika georden. Hy was vir een-en-twintig jaar die Pastoor van 'n gemeente in die Koninkryk van QwaQwa, wat in die Vrystaatprovinsie geleë is.

Die Here het hom in 'n interkerklike bediening regoor die kontinent geplaas. Terwyl hy nog in die bediening was, het hy studeer aan die Internasionale Teologiese

Instituut en ook sy B.A. Honneurs in Teologie aan die Universiteit van Potchefstroom behaal. Hy is tans besig met sy meestersgraad by UNISA. Hy het Gospel Fire Evangelistic Ministries International gestig, nadat hy die volgende visioen gehad het.²⁰

Eerwaarde Ralekholela het in 1986 veldtogte in Mitchell's Plein in die Kaapprovinsie in Suid-Afrika gehou. Hy het in Seepunt tuisgegaan toe die Heilige Gees hom een aand om middernag 'n visioen gegee het. Dit het betrekking op wat die Here in die eindtyd in Afrika en in die wêreld gaan doen. Ek het 'n Internasionale telefoniese onderhoud met Eerwaarde Ralekholela vanuit my tuiste in Missouri gedoen. Hy het vertel van die visioen wat die Heilige Gees hom daardie nag gegee het, en ek haal aan

God se Kring van Vuur

Ek was in Kaapstad, besig om in Mitchell's Plein te bedien en het in Seepunt tuisgegaan. Ek was besig met voorbereiding vir die byeenkoms en dit

was omtrent middernag toe die Heilige Gees my 'n visioen gegee het. Ek het 'n vuur gesien wat in Seepunt begin en wat dwarsoor die hele Afrika versprei het, totdat Afrika geheel en al in vuur gehul was. Die Here het op daardie oomblik met my gepraat en gesê: "God gaan Suid-Afrika besoek, maar nie net Suid-Afrika nie, maar die hele Afrika"

Ek het weer die visioen gehad en gesien hoe die vuur neerdaal op die onderste deel van die kaart van Afrika en hoe dit in 'n oostelike rigting in die rigting, van Kenia beweeg. Die westelike dele is bedek met vuur, toe Nigerië, Ghana en skielik was die hele Afrika-kontinent in vuur gehul. Ek het die stem van die Here gehoor: "Vuur! Vuur! Vuur! Vuur! Vuur!"

In die visioen het ek die vuur as druppeltjies gesien, druppeltjies soos vonkies, en toe het dit vuur geword totdat die hele kontinent bedek was met vuur. Weer het die Here gesê: "Dit is die eindtyd herlewing wat na jou kontinent kom."

Kyk na my logo, ek het dit daarop aangebring. Ek het gesien dié kring omsirkel Afrika. Ek het tot die Here gebid, en die Here het geantwoord:

“Hierdie kring simboliseer dat Ek die hele kontinent met vuur gaan bedek. Nie net Afrika nie, maar heirdie vuur gaan die hele wêreld bedek.”

Die kring is in bewys dat wat die Here begin het, voltooi gaan word. Die hele kontinent sal omring wees met die vuur van die Heilige Gees, die vuur van die evangelie van Jesus Christus sal uitsprei van waar dit begin het, na die res van die wêreld” Dit is waar my visie en my bediening begin het.²¹

Ons het nou die drie visioene geles wat die Heilige Gees aan hierdie drie manne van God gegee het. Ons weet dat hulle in 'n mate verskil, maar die kern van hierdie visioene is dieselfde. Dit is soortgelyk aan die vier Evangelies wat deur vier verskillende mense geskryf is, maar hulle vertel almal die verhaal van Jesus Christus, bv. Vier sketse van een persoon. Hierdie VISIOENE spreek van een ding, **“OESTYD!”**

Ons het gehoor wat bronne sê aangaande hierdie drie manne, en die gevolgtrekking wat ek dink ons moet maak, is

dat God iets baie groot gaan doen in die eindtyd Kerk. Ek wil weer die leser aanmoedig, ondersoek self die betroubaarheid van hierdie manne aan wie die visioene gegee is. Ek glo julle gaan tot dieselfde gevolgtrekking as ek kom – hulle is Godvresende manne!

Dit is ook interessant dat die Here twee van hierdie manne na Suid-Afrika gebring het vir sendingwerk en die visioene daar aan hulle geopenbaar het. Hulle het van verskillende dele van die wêreld gekom, d.i. Europa en Amerika. Hierdie is lande wat algemeen beken staan om sendelinge na alle wêrelddele te gestuur het. Hierdie lande is nou feitlik heidens. Nietemin, God het hierdie manne na Suid-Afrika gebring en Sy planne aan hulle geopenbaar via 'n visioen, sodat hulle kan weet wat Hy vir die toekoms beplan. Hulle (Fisher en Gschwend) het ook gesien dat hulle eie kontinente 'n "vuurdoop" in die eindtyd gaan ontvang.

Ek weet, God se liefde vir die mens is, om verlore siele te soek en te red. (Joh 3:16-17; Luk19:10) Daarom glo ek dat elkeen die geleentheid sal kry om te luister na die evangelie van Jesus Christus en om te reageer op die boodskap (Hand. 2:38; 4:12; Matt 24:14). Die gevolg sal wees dat die uitstorting van hierdie vuur die Heelal sal omhul.

Hierdie drie visioene is met my gedeel. Ek het op die stoep gesit by my huis en aan my eggenote, Anne, vertel wat ek gedurende die afgelope week ontdek het en tot watter insigte die Heilige Gees my gelei het. Ek het genoem dat hierdie drie manne gelei is om te glo dat “*herlewings vure*” na Afrika en res van die wêreld op pad is. Ek kon egter nie daarmee saamstem nie, ten spyte daarvan dat die visioen in sy drie vorme so gesê het.

Hierdie was iets groter as “*herlewings vure*” wat sporadies in die kerk se geskiedenis plaasgevind het. Herlewing is soos reënbuie – hier en daar; gelokaliseerd en dit affekteer nie

die hele wêreld nie. Hierdie was geheel en al anders. Terwyl ek hieroor nagedink het, het my eggenote gesê: "Dit is nie herlewingsvuur nie, maar 'n bewusmaking van wat na die wêreld toe kom." Dit het my soos 'n sweepslag getref. Dit is presies wat gaan gebeur, maar groter as enige iets anders wat al ooit in die Kerk se geskiedenis gebeur het. **Dit gaan 'n "besoek" van God wees!**

My Bybel het op my skoot oopgelê en ek het nagedink oor Habakuk 2:2 wat ook die Skrifverwysing aan die begin van hierdie hoofstuk is. Ek het vers drie gelees: "**Die openbaring (visioen) geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom want dit kom beslis**" (Hab 2:3). Ek kon my opgewondenheid nie beteuel nie. Ek het geglo die Heilige Gees het so pas bevestig dat hierdie visioen betrekking het op die einde tyd, die volle getal uit die heidennasies in die Koningryk ingegaan, en sal op hierdie manier gered word. (Rom. 11:25).

Hoofstuk 5

DIE UITSTORTING:

DIE VROEË EN LAAT REËNS

" Maar Petrus . . . onder die leiding van die Heilige Gees sê: In die laaste dae, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense" (Hand 2:14a; 16-17a).

Die Vroeë Reëns

Joël het gefrofeteer: ".....wanneer dit alles gebeur het, sal ek my Gees laat kom op al die mense (Joël 2:28a 1983 BV) Petrus het hierdie vers herken en verklaar dit aan die menigte op Pinksterdag terwyl hy onder die salwing van die Heilige Gees preek. "Charles Haddon Spurgeon (’n beroemde prediker) lewer ’n preek op 11 Junie 1869 onder die titel, "*Die Vroeë en die Laat reëns*". Sy Skriftuurlike verwysing (Jer. 5:24) "*Ons moet die Here ons God dien (respekteer) wat ons die groot reëns*

gee, die vroeë en die laat reëns, elkeen op die regte tyd, wat vir ons gesorg het met die oeste op die regte tyd.” In sy preek maak hy die volgende stelling:

Dit wat van toepassing is op die uiterlike is ook van toepassing op die innerlike lewe van die mens; soos in die fisiese, so ook in die geestelike: die mens is 'n mikrokosmos, 'n klein wêreldjie waarin weer en seisoene hulle afspeel. Die aarde is afhanklik van reënbuie, so ook die siel van die mens. Die mens se werke is afhanklik van die genade wat van die Vader van die Lig af kom, die gewer van elke goeie en volmaakte gawe.²²

Dit is duidelik dat soos die man van God, Charles Haddon Spurgeon, die stelling gemaak het dat daar lente en herfs reëns nodig is vir die boer se lande, so is dit ook nodig in die geestelike realm.

Die vervulling van God se bevel aan die Hebreërs en aan ons, is dat net soos in die natuurlike realm daar reën odig is vir die plantseisoen, en die laat reëns voor die oes, so

is daar ook vroeë en laat reëns in die spirituele realm nodig. Dit sal manifesteer in diegene wat Hom lief het en gehoorsaam is, soos ons in Handeling 2 lees. Petrus het in sy redevoering aan die skare gesê (wat ook vir ons geld vandag): “.....en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep” (Hand 2:38-39) Hierdie is ’n voorsmakie van dit wat gaan kom. Die bewys was sigbaar in al die gelowiges, toe die Kerk gebore was en daagliks gegroei het. Die gevolg van God se uitstorting van die Heilige Gees waarvan ons in Handeling lees.

Die uitstorting op Pinksterdag was ook die begin van die Laaste Dae. Dit is die teken vir die gelowiges van vandag wat in die laaste dae leef. Dit kan beteken dat die “*tyd van die heidennasies*” (Luk 21:24b) ook byna tot vervulling gekom het. Die vroeë reëns, was die uitstorting van die krag van die Heilige

Gees wat die dissipels nodig gehad het vir hulle taak wat voorgelê het. Hulle het onmiddellik gereageer en met onverskrokkenheid die Evangelie van Jesus Christus begin verkondig. Hulle het bekering gepreek en tekens en wonders in Sy Naam gedoen. Hierdie kragtige vervulling van die Heilige Gees op Pinksterdag het die dissipels bemagtig om die Groot Opdrag wat Jesus hulle gegee het, uit te voer, beginnende in “.....Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld” (Hand. 1:8b).

Ek het 'n artikel van George Hawtin opgespoor wat my sienswyse aangaande die vroeë reëns verduidelik. Hier is 'n uittreksel uit sy boekie “*Beholding the More Excellent Glory*” waarin hy sê:

So groot was die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, dat een twintigste van die totale Romeinse Ryk teen die einde van die eeu hulle tot Christus bekeer het en teen 300 A.D. het die Christendom die heidendom

oortref. Met Petrus se rede met pinkster het drie duisend siele tot bekering gekom en die volgende dag 'n verder vyf duisend. In die opvolgende dae het nog vele, mans en vrouens hulle tot die Here bekeer. Kragtige tekens en wonders is deur die apostels gedoen. Paulus het groot wonders in die Naam van Jesus gedoen. Siekes is in die straat neergelê sodat Petrus se skaduwee op hulle kon val en hulle dan genesing kon ontvang. Die glorie van die vroeë reëns kan nie met woorde beskryf word nie. Hulle was waarlik gedoop met vuur en met die Heilige Gees en die hemelse 'Wind' het gewaai waar Hy wil. Hierdie was 'n magtige manifestasie van die heerlijkheid van God. Dit was God se heerlijkheid wat soos reën op die mense geval het, hulle harte gevul het met blydschap en geluk, en hulle lewens verander het deur hulle kinders van God te maak.²³

Baie meer kan nog gesê word oor die uitstorting van die vroeë reëns op die dag van Pinkster. Ek beveel daarom die leser aan om dit te bestudeer deur Handelingte te begin lees asook die geskrifte van Paulus. Verdiep jouself

in wat God toe gedoen het en wat Hy nog van plan is om te doen.

Die kerk het oor die afgelope eeue totaal en al gefaal om verlorene vir Christus te wen. Daar was sporadiese bewegings op sommige plekke, maar soos ons nog sal agterkom, gaan God met die uitstorting van die Laat Reëns die vuur van die Heilige Gees terugbring na sy mense, terwyl hulle onder Sy leiding werk tydens die Laaste “Besoek.”

Die Laat Reëns

*“Die roem van die
tempel sal in die
toekoms groter wees
as in die verlede . . .”
(Hag 2:9a)*

Die skrywer, J Preston Eby doen ’n Woordstudie oor Hosea 6:3, ek glo jy sal dit interessant vind omdat dit aansluit by die akkuraatheid van God se voorgenome plan wat

ons hier bespreek. Dit het direk betrekking op hierdie bespreking.

“Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom in die môre, want Hy sal na ons toe kom soos die reën, net soos die laat reën en die vroeë reën op die aarde val” Young se letterlike vertaling, *“As the dawn is prepared is His going forth, and He cometh in as a shower to us, as the gathered rain – sprinkling the earth.”* Twee beskrywende woorde wat jou onverdeelde aandag nodig het. *“Laat” reëns, in Hebreeus MALQOSH, wat VERSAMEL of HEWIGE reën is. “Vroeë” reëns in Hebreeus YARAH, wat DRUPPELS of EERSTE reën is. Dus, die vroeë is matige buie of net stofnat, maar die laat reën is ’n wolkbreuk, ’n vloed – oorvloedige uitstorting van die Gees!*²⁴

Dit is voor die hand liggend dat Hosea sê die vroeë reëns (lentereën) is matig, en dit is presies wat dit was, want die Gees het aanvanklik net op honderd en twintig mense geval. Die laat reëns sal die vroeë reëns insluit. Dit, soos die skrywer in die bogemelde

aanhaling sê, sal 'n wolkbreuk van swaar reën wees. Joël sê dat hierdie reën op alle mense uitgestort sal word.

Sagaria sê, *“Vra vir die Here reën in die tyd wanneer die laat reëns moet kom. Hy maak die reënwolke (onweerswolke/weerlig) en laat die stortreëns val. Hy gee vir die mense die groen plante van die veld.”* (Sag 10:1) Sagaria praat van “weerlig” en “donderstorms” en sê ons moet die Here daarvoor vra bid vir die uitstorting van die Heilige Gees op ons in hierdie laaste dae. Bid en glo dat ons dit sal ontvang en ons moet Hom vertrou dat Hy dit sal doen! Hierdie laat reën sal elke individu in die wêreld aanraak as dit uitgestort word, net soos Sagaria sê.

Met al hierdie dinge in gedagte, laat ons dan kyk wat in die onlangse geskiedenis gebeur het, beginnende by die 1800's. Gedurende hierdie laaste twee eeue het ons gesien hoe die laat reëns sporadies in Amerika en ander nasies uitgestort was, maar die

volheid het nog nie gekom nie. God sê deur die profeet Amos “*Ek het die reën drie maande voor die oestyd van julle af weggehou; Ek het laat reën oor een stad en oor ’n ander die reën laat wegbly, die een stuk grond het goed reën gekry en die ander waar dit nie gereën het nie, het uitgedroog.*” (Amos 4:7) Dit het weliswaar gebeur, want ek verwys na die groot Herlewing, Azusastraat, die Evangelistiese Beweging, Vatikaan II, die Charismatiese en Jesus Bewegings en die ontstaan van herlewings-gebeurtenisse oral oor die wêreld.²⁵

Gedurende my navorsing oor hierdie projek, het ek ’n “*tydlyn*”²⁶ ondek van af 1900-2006 in die vorm van ’n kolomgrafiek. Dit was interessant om te sien dat daar ’n piek in die begin van die twintigste eeu op die grafiek was, wat die Azusastraat Herlewing in Los Angeles voorstel en dan ’n geleidelike afname oor ’n aantal jare. Uit hierdie herlewing het baie Pinksterdenominasies tot stand gekom. Onnodig om te sê, sedertdien was daar

konstante beweging van die Heilige Gees in die Kerk. Ek het waargeneem, dat daar sedert die einde van die laaste eeu, 'n geleidelike toename in die werking van die Heilige Gees plaasgevind het.

Eerwaarde D Wesley Myland sê in sy boek *The Latter Rain Covenant* dat God 'n verbond met Sy volk gemaak het (Deutr 11:10-21; 2 Kor 3:7-11) en sê ook verder:

Hierdie term "Laat Reën, Hebreeus, mal-koshe, beteken "die reën van die laaste of tweede wasdom; die oesreën, die reën van die na-oes" Hierdie uitdrukking word sewe keer in die Ou Testament genoem en een keer in die Nuwe Testament. Die Griekse woord is 'n samestelling, op-si-mos en beteken "laat in die dag reën, reën aan die einde van die dag, teen die aand; aan die einde van die dispensasie; reën wat nodig is om die laaste vog of vrug te verkry." ²⁷

Die Skrif sê weereens dat die boer geduldig wag vir die laat reën: *"Wag dan geduldig, broers (medegelowiges) todat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die*

kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het. Julle moet ook geduldig wag en moed hou, want dit is nie meer lank nie, dan kom die Here.” (Jak.5:7-8)

Die reën moet val sodat die graan of vrugte kan uitswel net voordat dit geoes word. Myland verduidelik dat hierdie laat reën aan die einde van die dag of tyd val, wat beteken dat wat ek uit hierdie drie visioene ontdek het, bevestig word in die Skrifte, “*Die openbaring geld vir ’n bepaalde tyd, dit vertel van die einde, dit lieg nie.....*”(Hab 2:3a) Ek glo dat die einde sal aanbreek as berig word dat hierdie visioene in vervulling gekom het!

Jackson Snyder sê dat hy daarvan oortuig is dat die vroeë reën wat op Pinksterdag geval het, nie die vervulling van Joël se profesie in totaliteit was nie en verwys na ’n tydperk wanneer die Heilige Gees uitgestort sal word op alle vlees. Hier volg sy gedagtes aangaande hierdie saak,

*Die vroeë reën het net gedeeltelik vervul wat Yahweh bedoel het toe Hy gesê het Hy sal Sy Gees uitstort op **alle** vlees. Terwyl die “eerste” Pinkster (vroeë reëns) gerig was op die mense van baie nasies, belowe die laaste-dae Pinkster, of dan laat reëns, dat die Gees uitgestort mag word op die hele mensdom, insluitend nie-Jode, vrouens en slawe. Dit sluit jou en my in!”*

Die Laat Reën

Yahshua het nooit spesifiek verwys na die laat reën uitstorting nie, maar Hy het na Joël se profesie verwys wat dit insluit. (vergelyk Joël 2:31 met Matt 24:29) Uit Yahshua’s se visie vir die toekoms, wat in Matteus 24 gevind word, kan die afleiding gemaak word dat onmiddellik voor Hy terugkeer, daar twee dinge sal gebeur: die groot verdrukking en die laat reën uitstorting; die mensdom sal in beide gedompel word.²⁸

Hy bring ’n nuwe konsep na die bespreking waarmee ons besig is. Hy kombineer die Groot Verdrukking met die uitstorting van die laat reëns. Die is my mening dat ons meer en groter katastrofies in die

wêreld gaan beleef, terwyl die laat reëns uitgestort word (volgens die sinoptiese Evangelies Matt 24; Mark 13; Luk 21:8-36 en die laat reën-profesië in die Bybel sal die selfde tyd uit gestort word). Die Groot Verdrukking is apart en onmiskienbaar. Die Kerk word weggeraap om by die Here te wees, en Johannes (wat na die hemel weggevoer was in Openbaring hoofstuk vier) is 'n skadubeeld van die Kerk. Die Evangelie van Johannes is vir die Kerk bedoel, en die Kerk word nie weer daarna genoem nie, buiten dat die Kerk tesame met Christus sal terugkeer, *“Die leërs in die hemel het op wit perde agter Hom aangery. Hulle het fyn, helder wit klere aangehad”* (Openb 19:14).

Dus, gepaardgaande met wêreldwye rampe gaan die Heilige Gees 'n manifestasie van Sy teenwoordigheid onder Sy kinders te wees bring wat groter sal wees as die uitstorting van die Heilige Gees op die dag van Pinkster. Elke gelowige sal bemagtig word soos T. B. Barrat beweer:

“Om eerlik te wees, liewe leser, ek glo nie dat enige iets minder as die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, voldoende gaan wees nie; maar wanneer die Gees op die Kerk as geheel uitgestort gaan word, gaan ons dieselfde manifestasie sien as wat in Handeling opgeteken staan, ja, en selfs groter gebeurtenisse omdat die Kerk nou groter is as toe.”²⁹

Nog ’n aspek wat ek in oorweging wil bring, is hoe groot God se besoek gaan wees. Ons het in Amerika en in ander wêrelddele gesien dat stadions tot volle kapasiteit gepak is met gelowiges wat God prys en aanbid. Gevierde manne van God hou hierdie byeenkomste tans oral oor die wêreld heen. Hierdie is gewoonlik spesiale beplande geleenthede wat deur gelowiges bygewoon word. Mense besoek egter daagliks talle klein byeenkomste by duisende klein kerkies wat oor die wêreld versprei is. In sommige gevalle is daar ’n tendens wat neig na mega-kerke wat ontstaan het in verskeie lande, die grootste daarvan in Suid Korea. Dit is wonderlik en ons

loof die Here vir beide mega-kerke sowel as klein gemeentes.

Ek het in die bediening ondervind dat mense voortdurend van een kerk na 'n ander beweeg. Dus, die getalle bly dieselfde of verminder selfs. God is geïnteresseerd in getalle, veral waar dit die verlore siele van die wêreld aangaan. Die kerk het gefaal waar dit laasgenoemde aangaan. Die Heilige Gees het die eerste kerk begin, dus gaan die laaste kerk ook deur die Heilige Gees voltooi word.

Ek voorsien dat tydens hierdie besoek van God aan die wêreld, ons die stadions van die wêreld tot maksimum kapasiteit vol gaan sien, met verlorenes wat na God roep vir genade. Dit gaan nie gelowiges wees wat bymekaar kom nie, maar ongeredde siele wat na God roep in berou. Hierdie “besoek” sal al die verlorenes inbring van die “Paleis tot in die Gevangenis”, wat almal voor die Almagtig God van hemel en aarde belydenis gaan doen. Ek glo dat hierdie oes gepaard sal gaan met die

bo-natuurlike, soos ons nog nooit te vore gesien het nie en waarin Hemelse Wesens sal manifesteer.

Nuwe leierskap sal in die Kerk na vore tree en hulle sal onder die salwing van die Heilige Gees optree. Die “ou wysakke” wat nie met hierdie komende oes wil verander nie, sal verwyder word en “nuwe wysakke” sal in hul plek gestel word. Hierdie “besoek” van God gaan die landskap van die huidige Kerk verander en ons sal terugkeer na die oorspronklike vorm van die kerk, wat huiskerke (Sel groepe) was.

Daar sal diegene wees wat hierdie “besoek” sal aanvaar: *“Dit is soos met grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val. As dit bruikbare gewasse voortbring vir dié wat dit bewerk, ontvang dit die seën van God af.* (Heb. 6:7). En daar sal diegene wees wie teen die Heer van die Oes gaan draai: *“Maar as dit dorings en distels oplewer, is dit waardeloos en is die tyd naby dat God dit vervloek. Die*

uiteinde daarvan is die vuur" (Heb 6:8) Ek is van mening dat die einde van die Kerk Era op hande is en dat ongelowiges ingebring gaan word, met of sonder die kerk se toestemming.

Stadions regoor die wêreld gaan te klein wees vir hierdie "besoek" van God, en ons gaan aanskou hoe stede as geheel belydenis doen, soos in die dae van Jona, en na God toe gaan terug keer. Die Heilige Gees gaan bonatuurlike oortuiging onder die totale mensdom bring wat stede, nasie en kontinente gaan omkeer. Dan sal die einde kom.

Die insamel van die siele gaan ook die mees afgeleë gehuggies, dorpe, stede, provinsies/state bereik en nasies in totaliteit sal gered word. Net soos in die dae van Noag was God vir honderd en twintig jaar geduldig, voordat Hy die vloed gestuur het en net Noag en sy huisgesin is gered. Net so sal dit wees vir die nasies wat God se komende "besoek" verwerp. Hulle sal deur die Groot Verdrukking gaan. Daar sal egter ook groepe mense wees,

wat net soos in die dae van Jona, tot inkeer sal kom en wat gered sal word.

Die laaste uitstorting van die Gees, ook bekend as die laat reëns gaan te wonderbaar vir woorde wees. Inteendeel, meeste mense wat hierdie stuk lees, sal sê dat dit onmoontlik is. Dit is presies waarom God dit gaan doen. “Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: *“Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik”* (Matt 19:26). Die Skrif leer: *“God het die wêreld so lief gehad, dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word”* (Joh. 3:16-17).

God gaan nie die mensdom in die hande van Lucifer, die bedrieër, oorgee sodat hy die oes vir hom kan insamel vir die hel nie. Ek glo dit nie! Ek weet dat ek alles in my vermoë sal doen om iemand wat om hulp roep

en besig is om te verdrink, te red. Ek, 'n sondaar wat deur genade gered is. Hoeveel te meer sal Ons Hemelse Vader, wie volmaak is en wat Sy Eniggebore Seun as offer gegee het om aan die kruis van Golgota te sterf vir ons sonde, nie na Sy skepping kyk en in hierdie laaste dae alles in Sy vermoë doen om hulle te red deur die dood en opstanding van Jesus nie.

Die Heilige Gees herinner my aan Jesus se woorde, "*Want die Seun van die Mens het gekom om te red wat verlore is*" (Matt 18:11) Daarom, gaan Hy, die Heer van die Oes, kom om Sy werkers te bemagtig om die Evangelie van Christus te preek, sodat die wêreld oortuig kan word van sonde en elkeen wat die Naam van Jesus aanroep gered sal word. 'n Oes van siele sal ingesamel word sodat die "tyd van die heidennasies" ook tot n einde sal kom" (Luk 21:24b).

Hoofstuk 6

DIE VISIOEN:

GOD SE VERTERENDE VUUR

*"Jy moet vir die bos in die Suidland sê:
"Hoor die woord van die Here!" So sê die
Here my God: "Ek gaan jou aan die brand
steek. Elke groen boom en elke droë boom
in jou gaan verbrand. Die vlamme sal nie
geblus word nie, dit sal elke gesig skroei,
van die suide van die land af tot in die
noorde. Al wat leef, sal sien dat Ek, die
Here, die vuur aangesteek het. Dit sal nie
geblus word nie"
(Eseg 20:47-48).*

Ek glo vas dat die Heilige gees my gelei het om die visioen wat hierdie drie mense in die laat twintigste eeu gehad het, te vind. Ons is op die punt van iets wonderliks wat gaan gebeur. Iets wat op die mees suidelike punt van Afrika gaan begin en wat oor die hele

kontinent, maar ook tot in die vier uithoeke van die aarde, gaan versprei.

In 1994 het Suid Afrika 'n verandering van regering ondergaan, wat die hele wêreld verstom het, want daar was letterlik geen bloedvergieting tussen die verskillende rasse-groepe nie. Die kerke het, voor die verandering van regering, saam besluit om te vas en te bid sodat daar vrede sal wees in die land, wanneer die nuwe politieke bestel aan bewind kom. Die Kerk het God se dringende oproep ter harte geneem wat sê: “.....*en as My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, berou toon en bid en vra na My wil en terug draai van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land herstel*” (2 Kron 7:14). Dit het Hy gedoen en Sy kinders se gebede, petisies en versoeke beantwoord. Die bietjie weerstand wat daar in die begin was, is binne 'n kwessie van ure gekalmeer.

Gedurende die laaste 14 jaar het ons 'n beweging in God se rigting waargeneem te

midde van wetteloosheid en geweld wat aan toeneem is. Armoede het toegeneem en VIGS het die Sub-Saharastreke se nasies geruïneer. Die Here werk tussen die verskeidenheid van etniese volkere in Afrika, nieteenstaande hierdie feite. Baie mense keer terug na hulle Christelike waardes en ander vind die Here en word in Sy Koninkryk in gebore, te midde van hulle probleme. Baie kerke sien 'n groot toestroming na hulle dienste, Evangelistiese veldtogte neem toe omdat die mense honger na God en sy Woord. Evangeliste oes kosbare siele vir Christus se saak.

Angus Buchan, 'n boer van New Castle, KwaZulu-Natal, wat die Here in 1970 aangeneem het, is in die laaste jare deur God opgerig. As gevolg van 'n wonderwerk wat op sy plaas, plaas gevind het, is die film *Faith like Potatoes* daar geskiet.³⁰ God het die deure vir Angus se bediening oor 'n tydperk oopgemaak en vandag staan hy aan die spits van *Shalom*

Ministries,³¹ wat massa veldtogte regoor Suid-Afrika hou. Hy is nou onlangs genooi om ook veldtogte in Engeland en Australië te hou.

Hierdie byeenkomste het klein begin, maar het gegroei om tans duisende in te sluit. Hy reik veral uit na die blanke mans, maar wat ek uit die verslae wys word is daar vrouens, sowel as ander rasse-groepe by die byeenkomste teenwoordig. Hierdie beweging van God, glo ek, is besig om die bevolking voor te berei vir die koms van die laat reëns wat duisende oor die kontinent gaan inbring. Ek het nog nooit so 'n honger na God in Suid-Afrika ervaar nie as juis vandag.

Ek sal hierdie beweging van God deur Buchan se bediening vergelyk met dié van die *Promise Keepers* wat so dinamies was in die Evangeliese en die Pinkster/ Charismatiese kerke van 'n paar jaar gelede. Jy sal onthou dat daar toe oorwegend gefokus was op die Christenmans in die kerke. Dit was ook 'n evangelistiese uitreik na manlike nie-christene,

wat vriende en familie was van die gelowiges. Ek glo dat dié beweging 'n groot invloed gehad het op die groei van die kerk in die gemeenskap, maar ook op die individu omdat elke gelowige in Christus geestelike gegroei het. Dit is presies wat gebeur deur die veldtogte van Anchos Buchan in Suid-Afrika. Ek het gehoor dat baie mense verras was oor die groot getalle mans wat hulle lewens aan Christus oorgegee het.

Volgens die *Dispatch Online*, 'n koerant berig gepubliseer in 2009, sak daar ook duisende mense van oor Afrika en die hele wêreld op die kusedorp, Oos-Londen, Suid-Afrika toe. Hulle wil almal deel wees van die herlewing wat tans (met die skryf van hierdie boek) daar plaasvind. Baie word opgelei in straat-evangelisasie en beweeg bedags uit op die strate om siele te wen onder die kerkloses. Dr Rodney Howard-Browne is op die voorpunt van hierdie beweging van God wat *Days of Glory*³² genoem word. Dit het by die *River*

Church, ook bekend as *River Park Ministries*, begin. Dr Howard-Browne is 'n Suid-Afrikaner, wat in die Oos-Kaap gebore is. Hy het vir baie jare in Amerika gebly, en woon tans in Florida waar hy sy International Ministries se hoofkantoor het en waar hy ook die gemeente bedien.

Baie kerke in en rondom Oos-Londen het kom help met hierdie uitstorting van saligmaking, sodat die bekeerdes opgeneem kon word in kerke waar daar van hulle dissipels gemaak is. In die Evangelie van Lukas sê Jesus aan Petrus nadat hy en sy mede vissermanne wat die hele nag geen vis gevang het nie, *“Vaar uit na die diep water toe en gooi julle nette uit om te vang.”* *“Meester,”* antwoord Simon, *ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang, maar op U woord sal ek die nette uitgooi.”* *En toe hulle dit doen, het hulle so 'n groot klomp vis gevang dat hulle nette wou skeur. Hulle wink toe vir hulle ander vissermanne in die ander skuit om te kom help.*

Hulle het gekom en albei skuite so vol gemaak dat hulle amper gesink het” (Luk 5:4b-7). Na hierdie wonderwerk, verlaat Petrus, Jakobus en Johannes hulle visvangbedryf en volg Jesus om vissers van mense te word. Op soortgelyke wyse is gelowiges besig om siele in die nette van die evangelie te vang. Aan God al die eer!

In die vroeë 1970 is Reinhard Bonnke, sendeling in Lesotho, deur die Here gelei om n evangelistiese uitreik in ’n stadion in Maseru, die hoofstad, te doen. Die veldtog was so suksesvol dat hy onmiddellik geweet het dat die Here hom roep vir evangelisasie-werk. Kort daarna het hy ’n bediening *Christ for all Nations*³³ begin, ook bekend as CFAN. Ek onthou dat hy herhaaldelik gesê het: “*Afrika sal gered word; Afrika sal gered word.*” Hy het met tentveldtogte begin totdat die tente te klein geword het vir die massas.

Vandag hou hy ope-lug dienste regoor die kontinent. Hy evangeliseer die Afrika-kontinent al die afgelope bykans dertig jaar.

Elke aand-byeenkoms trek bykans een miljoen mense. Duisende gesprekke het oor die jare plaas gevind en tekens en wonders het na die verkondiging van God se Woord gevolg. Die kerk op die kontinent is versterk en daar word daaglik nuwe bekeerlinge bygevoeg, soos in die boek van Handeling. Die profetiese woord van Bonnke onder die leiding van die Heilige Gees, *“Afrika sal gered word!”* is besig om in vervulling te kom onder ons oë. Afrikane word gered by die menigtes. Hierdie is ’n voorskou van die komende “besoek” van God.

Met hierdie “besoek” van God gaan daar katastrofiese gebeure in die wêreld plaasvind. Ek glo die rampe en die “besoek” gaan gelyktydig plaasvind. Verskeie hedendaagse profete profeteer oor die dreigende oordele van God teen die Verenigde State van Amerika en ander volkere in die wêreld. Hierdie onderwerp kan nagevors word op die internet so dat vasgestel kan word wat God aan hierdie profete geopenbaar het rakende die eindtye.

’n Mens kan duidelik agterkom dat die tekens van die tye, soos deur Jesus in die Evangelies bespreek, besig is om in vervulling te kom. Jesus sê nietemin, “*As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby*” (Luk 21:28). Gee ag, liewe leser, die wederkoms van Christus is naby.

Die profete van die Ou Testament het rampe oor die wêreld sien kom en was geskok oor die verwoesting wat in “daardie dag” gaan plaasvind, met verwysing na “daardie dag” as die laaste dae, waarin ek glo, ons nou lewe. Die sekulêre profete van vandag sien al hierdie dinge wat gebeur en verduidelik dit as “*globale verhitting*”, maar besef nie dat dit eintlik ’n oproep van God is vir alle mense, om hulle te bekeer en na God te keer nie. Dié wat hierdeur geraak word, weier om te sien dat dit ’n laaste “*waarskuwing van God*” is, waardeur Hy die mens se aandag probeer verkry om hul lewens met Hom in orde te kry. Die verloop

van gebeure soos beskryf in Matteüs 24 handel nie net oor verwoesting nie, maar Jesus praat van hoop vir alle mensdom. Die hoop is die Groot Opdrag van Jesus Christus om die Goeie Nuus van redding en versoening met God, dwarsoor die wêreld te verkondig en dan sal die einde kom.

Ek glo dat ons nou op dié plek in die geskiedenis staan, omdat die Evangelie nou regoor die wêreld verkondig word. Honderde bedieninge neem vandag die Evangelieboodskap na die nasies. Nie net stuur hierdie bedieninge sendelinge regoor die wêreld nie, maar daar is ander mediums wat deur God daar gestel is, soos bevoorbeeld, die radio, Christelike Televisie en die Internet wat die Boodskap uitstuur na die vier uithoeke van die aarde. Een van hierdie bedieninge is *Trinity Broadcasting Network*, wat sewentig satelliete in die ruimte het sodat elke kontinent en elke eiland bereik kan word.

Dit herinner my weereens aan die woorde van Jesus, *“Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan (Joh. 14:12).* Hierdie skrif word vervul deur die gehoorsaamheid van al hierdie bedieninge. Noudat die Evangelie dwarsoor die wêreld verkondig word, is die *“wegrapping”* van die Kerk ophande.

Deur die voorafgaande bewyse word elkeen van ons gekonfronteer met die feit dat ons op die punt staan van die *“Harpazo”* wat in 1 Thess. 4:17a gevind word; wat beteken die gelowiges *“....sal weggevoer word....”* Hierdie woord word in die oorspronklike Koine Griekse taal van die Nuwe Testament gevind, en beteken *“om te gryp: - vang, wegneem pluk, trek, neem (met geweld).”*³⁴ Die idee dat gelowiges *“weggeraap”* gaan word, is nie ’n nuwe konsep in die Bybel nie. Dit is ’n ou konsep wat uit die Ou Testament gehaal en in die Nuwe Testament herhaal word.

Die Hebreërs is sekere beginsels geleer wat hulle jaarliks moes herdenk tydens hulle feeste. Hierdie feeste was kleedrepetisies van die regte gebeure wat God in vervulling gebring het en nog gaan bring. Die belangrikste voorbeeld heirvan is dat Jesus die Pasga in vervulling laat kom het, deurdat Hy na ons gekom het as die Paaslam.

Daarom, as ons die Joodsheid van die Skrifte verstaan, sal ons verstaan dat daar 'n "wegneem" van die heiliges gaan wees voor die verdrukking, net soos die Apostels dit uitbeeld in hulle briewe aan ons. Dit is algemeen bekend as die "*Wegraping*"³⁵ van die Kerk. Die naderende wederkoms van Christus word oor die algemeen nie meer in kerke gepreek nie. Jesus het aan Sy dissipels vertel wat gaan gebeur voordat Hy terugkeer. Nou is dit ook aan jou vertel deur hierdie boek.

Dus moet ons waaksaam wees soos die vyf wyse maagde (Matt. 25:1-13). Kom ons verwys na die gelykenis van die tien maagde,

waarvan net vyf wys was. Almal in die kerk mag gelowiges wees, maar slaan almal ag op die tye?

Soos wat die bogenoemde gebeure ontvou, gaan ons die Heer van die Oes sien kom as die Laat Reëns wat uitgestort word op die aarde. Die werkers wat Hy in die veld oprig, ek en jy, gaan met blydschap die oes in die Koninkryk van God, inbring. Kerke gaan uit hulle nate bars, en die konsep van die ou wysakke sal verander moet word. Die nuwe wysakke word ontwerp om nuwe wyn te hou.

Dit is nie 'n herlewing wat hier bespreek word nie, maar eerder 'n wêreldwye “*besoek*” van God. Sommige sal dit wil beskryf as 'n *bewuswording of –making* maar dit is nie, dit is veels te groot. Ek weet dat jy een van die werkers gaan wees wat deur die Gees van God opgerig gaan word in hierdie tyd, omdat jy hierdie boek op hierdie deurslaggewende tydstip lees. Nou is U ook bewus van God se eindtydplan. Wees op die uitkyk vir die tekens

soos dit weergegee is in die visioen wat hierdie drie manne van God gehad het, want die Skrif sê: *“Die droom het twee keer na (Farao) u toe gekom omdat die saak vas staan by God. Hy sal dit binnekort uitvoer.”* (Gen 41:32) Net so, kan hierdie visioen in vervulling kom.

Hoofstuk 7

MARANATA:

CHRISTUS SE NADERENDE WEDERKOMS

"Blaas die ramshoring in Sion, roep hard op my heilige berg. Al die inwoners van die land sal bewe, want die dag van die Here kom, dit is naby..."
(Joël 2:1).

Ek het die feite uiteengesit van die komende opwekking soos die Heilige Gees dit aan my geopenbaar het. Ons weet op watter kontinent dit gaan begin, meer nog ons weet ook waar. Ons weet dat so 'n globale "besoek" nog nooit opgeteken is nie. Ons weet dat dit 'n universele beweging van God se Gees gaan wees, wat duisende in die Koninkryk van God gaan inbring. Ons weet dat die God van die Oes tans besig is om duisende werkers wêreldwyd op te rig wat bereid is om die Oes in

te bring. (Matt 9:37-38) Ek weet dat die Heilige Gees dit benadruk het, dat hierdie dinge binnekort en skielik gaan gebeur. (Mark 13:36-37; Rom 9:28)

Ek verklaar in geloof dat ons die verweesenlikheid van God se “besoek” van krag nog in ons leeftyd gaan sien gebeur. Onmiddellik daarna gaan die wegraping plaasvind (1 Tess. 4:13-18; I Kor 15:51-52). Ek haas my egter om hier by te voeg dat ons nie weet wanneer die getal van die heidense nasies voltallig gaan wees nie. (Luk 21:24b; Rom 11:25b), daarom moet ons wakker wees (waak) en bid (Matt. 24:44; Luk 21:36; Kol. 4:2), en op die uitkyk wees vir Sy verskyning (Hand. 1:10-11; Titus 2:13).

Wat ek egter nie weet, is die presiese tyd wat vasgestel is vir die uitstorting van die laat reëns. Wanneer die oes klaar ingesamel is, gaan die Kerk, die Bruid van Christus, weggeruk word. (1 Tess. 4:17) “...in ’n oomblik, in ’n oogknip...” (1 Kor. 15:51-52) en

verenig word met die Bruidegom, Jesus Christus. Met die Kerk verwyder van die aarde sal die Groot Verdrukking begin. Diegene wat hulle harte verhard het tydens God se “besoek”, sal nou die oordele van God moet trotseer soos dit beskryf is in die Boek van Openbaring.

Dit is belangrik om te onthou dat ons die dag en uur nie ken nie (Matt. 24:36)! Jesus het ons egter aangesê om getrou en waaksaam te wees (Matt 24:42 en 25: 1-30; Mark. 13:33-37; Luk. 21:34-36). Hy het ook gesê dat ons die les van die vyeboom moet leer, met verwysing na die geboorte van die Staat van Israel. Hy gaan verder en vergelyk die dae voor Sy wederkoms met die dae van Noag voor die sondvloed (Matt. 24:32-39). Die generasie wat hiedie twee dinge aanskou, sal Sy wederkoms beleef. Ek glo dat ons op hierdie punt die geskiedenis van die Staat van Israel in aanmerking moet neem, d.i. die vye boom oor die laaste eeu.

In 1897 het dit wortel geskiet (Jes 27:6a; 37:31; 2 Sam. 7:10). *Theodore Herzl het die eerste Zionist Kongres bymekaar geroep en verklaar dat die Jode 'n geboortereg het in hulle eie land.*³⁶ In 1917 het Israel “geblom” (Jes. 27:6b; Jer. 23:7-8; 31:1-10; Sag. 10:8-9). *Die Balfour verklaring, 'n brief van Athur James Balfour, sekretaris van Britse Minister van Buitelandse Sake, aan Lord Rothschild, waarin Brittanje hulle ondersteuning toe sê vir 'n Joodse tuisland in Palestina.*³⁷ In 1948 het die Staat van Israel “gebot” (Esg 34:11; 13 36:1-38; Jes. 43:6; 66:7-8; Jer. 31:8; Amos 9:14-15), en het hulle soewereiniteit verkry³⁸ en ons weet dat Israel sal vrugte dra gedurende die duisendjarige heerskappy van God. (Jes. 62:3; Jer. 32:41; Hos. 14:5-6; Sef. 3:16-17; Sag. 9:16-17).

Laat ons nou ook gaan kyk na die belangrikheid van “hierdie generasie” waarvan Jesus praat en hulle wat hierdie dinge in vervulling sal sien kom. Die vraag wat ons nou

moet vra is, “*Wat bepaal die tydsverloop van ’n Joodse generasie (geslag)?*” Indien ons presies kan weet wat die tydsfaktor in jare is vir ’n Joodse generasie, sal dit help om te bepaal waar die Kerk staan in die konteks van die vyeboom se groei oor die laaste eeu. As ons dit kan vasstel, kan dit dalk lig werp op die naderende wederkoms van Christus. Sou ons kon vasstel dat Sy wederkoms in ons leeftyd gaan plaas vind, sal dit ook die Kerk tot die besef bring, dat die kerk besig moet wees met die verkondiging van belydenis en vergewing van sonde in die Naam van Jesus, wat spoedig weer gaan kom.

Die verklarende woordeboek definieer ’n generasie as “*die gemiddelde tydsverloop tussen die geboorte van ouers en die geboorte van hulle nageslag.*”³⁹ Volgens hierdie inligting van die woordeboek, is dit nogals vaag om vas te stel wat die tydsverloop van ’n generasie is. ’n Generasie kan wissel van persoon tot persoon. Daar is egter ’n definitiewe aantal jare

wat 'n generasie opmaak. Ek het ander bronne geraadpleeg en verdere navorsing gedoen om meer lig te kan werp op hierdie vraag. Ek het 'n Bybelse Ensiklopedie gevind, wat verklaar, *“Die gemiddelde tydsverloop vir 'n generasie word dikwels gesien as veertig jaar, want in die wildernes is alle mans oor twintig binne die verloop van veertig jaar oorlede.”*⁴⁰⁴⁰ Baie gelowiges het as gevolg hiervan verstaan dat die veertig jaar in die woestyn, dus 'n generasie uitmaak. Ek verstaan egter dat die diegene wat die woestyn in is, die gemiddelde ouderdom van twintig was, plus die veertig jaar in die woestyn, wat dan 'n totaal van sestig jaar gee. Is dit dan die korrekte ontleding van hoe lank 'n Joodse generasie is – sestig jaar? Ek het besluit om hierdie onderwerp nog verder te ondersoek.

Ek het ontdek dat die Skrif ons sewentigjaar, of as ons sterk genoeg is, tagtig jaar gee, *“.....Die dae van ons jare is maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is,*

tagtig,....” (Ps 90:10). Dit is weereens baie verwarrend om tot ’n slotsom te kom, want die aantal jare bly verander. Is dit moontlik dat God êrens in die Skrif te kenne gee wat die tydsverloop van ’n Joodse generasie is? En as Hy dit doen, dan moet ons sekerlik kan aflei hoe Hy, vanuit Sy oogpunt, die tydsverloop van ’n generasie interpreteer. Ons sal dan ook duideliker weet wat die tydsverloop is waarna Jesus verwys, toe Hy gepraat van “*die generasie*” wat nie sal verby gaan totdat alles in vervulling getree het nie. Ek was besig met die navorsing om te probeer vasstel hoelank ’n generasie is, toe ek onlangs ’n wonderlike ontdekking maak, terwyl ek na ’n preek geluister het.

Die Pastoor was besig met lering aangaande Abram se onvermoë om kinders te hê en sy gesprek daaromtrent met God. God belowe Abram dat Sarai geboorte sal skenk aan ’n kind en God sluit ’n verbond met Abram. Kom ons gaan na die Skrif om te kyk hoe

hierdie gebeure ontvou: *“Teen sonder het ’n diep slaap Abram oorval; angs, ’n groot donkerte het hom oorweldig. Toe sê die Here vir Abram: ‘Weet beslis dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ’n land wat nie aan hulle behoort nie. Daar sal hulle slawe wees en onderdruk word, vier honderd jaar lank. Maar ek sal die nasie straf wat van jou nageslag slawe maak, en dan sal hulle met baie besittings wegtrek. Jy sal in vrede sterf en op ’n hoë ouderdom begrawe word. Die **vierde geslag** na jou sal hiernatoe terugkom.....”* (Gen. 15:12-16).

Josef se familie is in Egipteland verwelkom deur die Faro’s en die land Goosen is aan hulle gegee. Soos die tyd aangestap het, het nuwe Farao’s die troon bestyg, wat nie die geskiedenis van die Hebreërs geken het nie. Hulle was vierhonderd jaar slawe onder hulle heersers, en uiteindelik roe die Israelne uit na God. Onder die leierskap van Moses, word hulle verlos en hulle trek met baie

besittings uit Egipteland uit. Terwyl ek na die preek luister het ek skielik ingesien wat die Joodse tydlyn vir 'n generasie is. Die antwoord waarna ek al so lank soek was al die tyd reg voor my oë. Hoeveel keer het ek nie hierdie verse in Genesis gelees en nooit die verband raakgesien nie? Die probleem oor die tydsverloop van 'n Joodse generasie was opgelos. Vierhonderd jaar, gedeel deur vier geslagte is een honderd jaar! Dit word bevestig deur Abraham, aangesien hy 'n honderd jaar oud was toe Isak, die seun van die belofte, gebore is. (Gen. 21:5) Met hierdie inligting tot ons beskikking kan ons nou berekenings doen. Sedert Israel “gebot” het, bring ons nou baie nader aan die wederkoms van Jesus Christus. Ons is “*daardie generasie!*” Onthou ons ken nie die dag en die uur nie. Nogtans, Jesus leer ons dit aangaande die Heilige Gees: “*.....Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verduidelik*” (Joh. 16:13b)

Ek het baie inligting in hierdie boek gedek. Hopelik sal jy die eindtydgebeure vir 'n lang tyd oordink. Hopelik sal jy meer bewus raak van wat in die sekulêre en geestelike realm, plaaslik en internasionaal, aangaan. God is besig om agter die skerms te beweeg, en ons as die liggaam van Christus moet 'n duidelike begrip hê van hoe naby ons aan die einde van die Kerk Era staan. Gelukkig vir ons, het ons die Heilige Gees, en Hy deursoek alle dinge en maak dit aan ons bekend (1 Kor. 2:10), wat ek glo die boodskap van hierdie boek is vir hierdie generasie.

Dit is daarom noodsaaklik om wys te wees met hierdie inligting. Dit is op hierdie tydstip waar ek sterk wil aanbeveel, dat jy, die leser moet “**VAS STAAN (bly waar jy is)**” en nie moet koers kies na die suidpunt van Afrika nie. Hierdie boek is nie 'n trompetgeskal om almal in Kaapstad, Suid-Arika, byeen te bring **nie**. Dit is eerder 'n oproep om jou voor te berei vir die komende beweging van God op

die plek waar jy tans woon. Wees wakker en bly gefokus op die volgende:

- Bid vir die laat reëns om te val (Sag.10:1; Jak. 5:18; Jer. 5:24).
- Bid tot die Here van die Oes om werkers op te rig (Matt. 9:35-38; Luk.10:2).
- Leef 'n heilige lewe (2 Kor. 7:1).
- Leer om te volhard (Heb. 10:35-37).
- Wees geduldig terwyl jy wag (Jak 5:7,8).
- Wees geheilig deur God (1Tess.5:23).
- Wees toegewyd (Heb. 11:6).
- Wees 'n getroue dissipel (1 Tim 6:14).

Aan die pastore en denominasieleiers, berei julle gemeentes voor vir die oes. Kry 'n raamwerk van aksie in plek, sodat wanneer hierdie “besoek” van God in Afrika manifesteer, jy gereed sal wees vir die tsunami van die

Heilige Gees van God wat uitgestort gaan word. Laastens, onthou die fokus is siele, nie groter organisasies of kerke nie. Ek glo, die beweging gaan die vorming huiskerke (Selgroepe), dwarsoor die wêreld, tot gevolg hê. Brei jou leierskap uit en lei werkers op. Wees gedurig in kontak met die Heer van die Oes, en Hy sal jou die rigting aandui. Wag op die Here, dit is die regte ding om te doen. Pastore, preek die al om vattende Evangelie, wat hemel vir die gelowige en hel vir die onbekeerde sondaar insluit. Christene, leef julle lewens asof Jesus vandag gaan kom en wees Sy getuies!

"vir hulle wat glo is bewyse nie nodig nie; vir hulle wat nie glo nie, is geen bewyse goed genoeg nie!"

Maranata!

"want die Here gaan eens en vir altyd hier op aarde die saak afhandel"

(Rom 9:2).

Uitnodiging om Jesus aan te neem

Vir die van u wat Jesus Christus nie as jou Redder en Here ken nie, wil ek die geleentheid skep om Hom vandag aan te neem, sodat jy die vreugde kan ervaar nadat jou sonde vergewe is, sodat jy deelagtig kan word van die ewige lewe. Die profeet Jesaja leer ons dat *“Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom”* (Jes 53:6). Paulus sê: *“Almal het gesondig en het nie deel aan die Heerlikheid van God nie”* en *“die loon wat die sonde gee is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here”* (Rom. 3:23; 6:23)

Dis reg! Elkeen wat in hierdie wêreld gebore word, is 'n sondaar en daar is nagevolge vir sonde. Die goeie nuus is egter dat Jesus gesê het: *“Kyk, Ek staan by die deur*

en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met my (Openb. 3:20). Het jy die klop aan jou hart se deur gehoor, terwyl jy hierdie boek gelees het? As jy het, dan het dit tyd geword om die deur van jou hart oop te maak en Hom in te nooi.

Paulus stel dit so: “ Naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart’. En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie” (Rom. 10:8-11). En, “ Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God – “ (Efe 2:8)

Vir die van julle wat hierdie Skrifture gelees het en weet dat as Jesus nou sou kom

julle agter gelaat gaan word, wil ek 'n geleentheid gee om 'n besluit te neem. Dit sal die belangrikste besluit wees wat jy nog in jou hele lewe geneem het. Sal jy vandag Jesus Christus aanvaar as jou Redder en Heer? Bid dan hierdie gebed saam met my:

“Jesus, ek is 'n sondaar en ek vra U vandag om my te red en te vergewe. Ek glo dat U in die vlees gekom het; aan die kruis gesterf het; op die derde dag opgestaan het uit die graf en aan die regterhand van God sit waar U vir my intersessie doen. Ek glo dat die bloed wat U op Golgota gestort het, my sonde weg was. Ek dank U dat U my vergewe en my skoon was van al my sonde en dat ek deur U nou wedergebore is. Amen”

Noudat jy Jesus Christus as jou Saligmaker aangeneem het, wil ek die eerste wees wat jou in die familie van God verwelkom. Noudat jy hierdie verbintenis gemaak het, sê Johannes vir jou: *“Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle*

die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.” (1 Joh.5:13) Dit is dus noodsaaklik, dat jy Hom, as kind van God, voor mense moet bely. Vertel iemand van die besluit wat jy vandag geneem het. Jesus sê, “Elkeen wat hom voor die mense openlik vir my uitspreek, vir hom sal Ek my ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. Maar hom wat my voor die mense verloën, sal ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.” (Matt.10:32-33). Die volgende stap is baie belangrik vir groei as ’n Christen.

Die vervulling met die Heilige Gees

Jesus sê aan sy dissipels in die evangelie van Johannes: *“Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het (Joh. 15:3). Let op: Jesus sê aan hulle dat hulle sondes vergewe is en dit is voor sy dood en opstanding, wat bewys dat Hy God is. Hy het dit tydens ander geleenthede ook gedoen. Hy het die verlamde se sonde vergewe en ook dié van die vrou wat in ’n daad van owerspel*

betrap is, ens. Sy instruksies aan Sy dissipels was om op die belofte van die Vader te gaan wag, wat die uitstorting van die Heilige Gees was (Handelinge 2). Bestudeer hierdie gebeurtenis en jy sal deurgaans in die boek van Handelinge ontdek, dat hierdie gawe nie net aan die 120 mense in die oppersaal gegee is nie. Dit is aan almal gegee wat na hierdie gebeurtenis, Jesus Christus as hulle Redder en Heer aangeneem het. Dit sluit jou in.

Petrus sê op die dag van Pinkster aan die drie duisend in Jerusalem, dat hierdie gawe gegee word aan almal wat die boodskap van die Evangelie glo. Elkeen wat Christus aangeneem het in die boek van Handelinge, is vervul met die Heilige Gees en het, as bewys, in hemelse tale gepraat. (Hand. 2, & 19:2-6)

Soos jy nou-net gelees het, is die dooping met die Heilige Gees vir almal. Dit sluit jou in, of jy nou so pas 'n dissipel van Jesus geword het en of jy hom nou al vir baie jare volg. Ek wil hê jy moet onthou dat net

soos jy Jesus aangeneem het deur geloof, jy ook die dooping van die Heilige Gees deur geloof sal ontvang. Die dooping in die Heilige Gees sal jou bo-natuurlike krag gee om 'n effektiewe getuie te word vir die Koninkryk van God, net soos die Gees dit gedoen het vir die gelowiges in Handeling.

Die vraag wat jy heel moontlik nou vra is, "Hoe ontvang ek hierdie dooping?" Die antwoord is eenvoudig. Dank die Vader vir die gawe wat Hy op Pinksterdag uitgestort het, maak jou mond oop en praat in tale. Moenie aan jou besluit twyfel nie, glo net. Die Here seën jou, terwyl jy hierdie besluit neem om in die buitengewone krag van die Heilige Gees in te beweeg. Noudat jy die eerste stappe geneem het om 'n dissipel van Jesus te wees, is dit belangrik om die volgende te doen:

- Word 'n lidmaat van 'n Geesvervulde kerk.
- Word in water gedoop.
- Lees jou Bybel en bid daaglik.
- Soek die gemeenskap met gelowiges
- Bely Jesus aan jou familie en vriende.

Slotnotas

Chapter 2

- ¹ Telephone interview with J. R. Gschwend, Jr., August 18, 2009.
- ² Telephone interview with Dr. Isak Burger, August 17, 2009.
- ³ E-mail: Dr. Isak Burger, e-mail to Dr. Desmond Rose, August 20, 2009.
- ⁴ Telephone interview with Rev. Walter Compton, August 16, 2009.
- ⁵ E-mail: Rev. J. Cole-Rous, e-mail to Dr. Desmond Rose, August 18, 2009.
- ⁶ Telephone interview with Eugene Gschwend, grandson, June 25, 2009.
- ⁷ J. R. Gschwend, *A Burning Candle* (Pretoria South Africa: All Nations Gospel Publishers, 1960).
- ⁸ J. R. Gschwend, *A Burning Candle* (Pretoria, South Africa: All Nations Gospel Publishers, 1960), p.136-137.

Chapter 3

- ⁹ Andrew Murray, *The New Life* (Minneapolis, MN: Bethany Fellowship, Inc., 1965), p. 164.
- ¹⁰ Telephone interview with Rev. Danny Fisher, April 23, 2009.
- ¹¹ <http://www.bizweni.net>, accessed August 5, 2009.
- ¹² <http://bizweni.net/site/college.html>, accessed August 5, 2009.
- ¹³ <http://65.36.178.87/leaders.cfm>, accessed August 17, 2009.
- ¹⁴ Telephone interview with Rev. Kobus Swart, August, 19, 2009.
- ¹⁵ Telephone interview with Mike Scheller, August 24, 2007.
- ¹⁶ September 6, 2009 in Seminole, OK, U.S.A.
- ¹⁷ Telephone interview with Rev. Danny Fisher, July 3, 2009.

Chapter 4

- ¹⁸ E-mail: Dr. Johan Combrinck, e-mail to Dr. Desmond Rose, July 16, 2009.
- ¹⁹ E-mail: Pastor M. George Mahlobo, e-mail to Dr. Desmond Rose, August 21, 2009.
- ²⁰ <http://www.gospelfire.co.za>, accessed August 13, 2009.
- ²¹ Telephone interview with Rev. T. A. Ralekholela, July 15, 2009.

Chapter 5

- ²² C. H. Spurgeon, "The Former and the Latter Rain," *The Metropolitan Tabernacle Pulpit: Containing Sermons Preached and Revised*. Vol. 15 (Pasadena, TX: Pilgrim Publications, 1969), p. 385.
- ²³ George R. Hawtin, *Beholding The More Excellent Glory*. Vol. 16 (Canada: Battleford, Sask., 1983), p. 28.

²⁴ J. Preston Eby, Kingdom Bible Studies: www.gem-international.org/eby/a21.htm, accessed Aug. 1, 2009.

²⁵ The Latter Rain Page: <http://later-rain.com/eschae/latter.htm>, accessed Aug. 10, 2009.

²⁶ http://www.google.com/search?q=history+of+pentecostalism&hl=en&client=safari&rls=en-us&tbs=tl:1&tbo=u&ei=r_BtSuCDPI3KsQP7K3KDg&sa=X&oi=timeline_result&ct=title&resnum=11, accessed Aug. 1, 2009.

²⁷ D. Wesley Myland, *The Latter Rain Covenant* (Springfield, MO: Temple Press, n.d.), p. 6.

²⁸ <http://www.jacksonsnnyder.com/arc/2003/pentecost.htm>, Aug. 1, 2009.

²⁹ T. B. Barratt, *In The Days of the Latter Rain* (London: Simpkin, Marshall, Hamilton, Kent & Co., Ltd., 1909), p. 8.

Chapter 6

³⁰ <http://www.faithlikepotatoes.com>, accessed Aug. 10, 2009.

³¹ <http://www.shalomtrust.co.za>, accessed Aug. 10, 2009.

³² "Glory Days Team Comfort Ill," *Daily Dispatch* online (East London, SA), July 21, 2009: <http://www.dispatch.co.za/article.aspx?id=331198>

³³ <http://www.cfan.org>, accessed Aug. 26, 2009.

³⁴ James Strong, *Strong's Exhaustive Concordance of the Bible* (Peabody, MA: Hendrickson Publishers, 2007).

³⁵ The Vulgate version was translated into Latin and the word used is "Rapiemur" when translated into English means "Rapture." I will continue to use "rapture" because it is so commonly used among believers.

Chapter 7

³⁶ "First Zionist Congress," http://en.wikipedia.org/wiki/First_Zionist_Congress, accessed Sept. 10, 2009; "A brief history of Arab terror," <http://www.jewishmag.com/85mag/terrorroot/terrorroot.htm>, accessed Sept. 10, 2009.

³⁷ "Balfour Declaration of 1917," http://en.wikipedia.org/wiki/Balfour_Declaration_of_1917, accessed Sept. 10, 2009; "Israel began in 1917," <http://forum.dancehallreggae.com/showthread.php?t=166560>, accessed Sept. 10, 2009.

³⁸ "Israel," <http://en.wikipedia.org/wiki/Israel>, accessed Sept. 12, 2009.

³⁹ Ital. Merriam-Webster's Collegiate Dictionary, 10th ed. (Springfield, MA: Merriam-Webster, 1995), p. 485.

⁴⁰ Merrill C. Tenney, "Generation" *In The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*, Vol. 2 (Grand Rapids, MI: Zondervan Pub. House, 1975).